'N HANDLEIDING VIR DIE KERKLIED



'N HANDLEIDING VIR DIE KERKLIED

Saamgestel deur:
RAAD VIR KERKMUSIEK

Kopiereg 1990 Kital
Uitgegee deur Kital, Posbus 7193, Pretoria 0001
ISBN 0 7986 2834 0
Gedruk deur A Geske

Eerste uitgawe 1990, eerste druk 1990

INHOUDSOPGAWE

WOORD VOORAF

AFDELING 1
Die wese van die erediens 1

AFDELING 2
Die geskiedenis van die erediens 14

AFDELING 3
Die onderskeie elemente van die Christelike erediens 27

AFDELING 4
Besondere of buitengewone eredienste 39

AFDELING 5
Beginsels vir die Protestantse Kerklied 44

AFDELING 6
Gemeentesang en begeleiding 56

AFDELING 7
Die Nederduitsch Hervormde Kerk se standpunt oor Liturgiese Dienste, Kore, Solosang, Popmusiek 66

WOORD VOORAF

Hierdie bundel is opgestel in opdrag van die Raad vir Kerkmusiek van die Nederduitsch Hervormde Kerk en word aangebied as opsionele studiemateriaal vir orreliste wat oor een van die Raad se Orreldiplomas beskik of dit wil verwerf en teoretiese agtergrond in verband met liturgie wil bekom.

Dit is die medewerkers se beskeie mening dat die werkie ook vir die volgende persone van nut kan wees:

- Alle gemeente-orreliste, veral diegene wat nie oor formele orrelkwalifikasies beskik nie.
- Kerkrade en erediensswerkgroepe.
- Persone wat leiding gee by die inoefening van die kerklied.
- Predikante en teologiese studente

Die bundel is opgestel met die doel om lesers beter te laat verstaan wat 'n erediens is sodat ons die erediens positief kan beleef as diens aan God.

Ons betuig graag ons dank aan Dr DJC van Wyk, vir baie jare voorsitter van die Raad vir Kerkmusiek, wat die aanvoorwerk vir die bundel gedoen het en Mev Poppie de Visser wat die tikwerk van die Raad vir jare gedoen het en die manuskripte van hierdie bundel persklaar gemaak het.

Ds WP Prinsloo
Voorsitter: Raad vir Kerkmusiek

AFDELING 1

DIE WESE VAN DIE EREDIENS

1. Definisie van die Erediens

'n Erediens is 'n onderlinge byeenkoms van 'n gemeente wat deur die kerkraad vasgestel is sodat die gemeente in die openbaar met God in ontmoeting kan tree. Met erediens word dan bedoel die totaliteit van woorde en handelinge wat tydens hierdie byeenkoms gespreek en voltrek word as versterking van die geloof wat die gemeente ontvang het en steeds weer opnuut moet ontvang. Hierdie woorde en handelinge word gespreek en voltrek tot vermeerdering van God se eer en tot nakoming van die diens wat Hy van die gelowiges vra.

2. Beskouings van die Erediens

'n Bepaalde kerkgroep se beskouing van die erediens word in 'n groot mate bepaal deur sy dogmatiese opvattings. Die manier waarop die Bybelse boodskap verstaan word, kom gewoonlik tot uitdrukking in die erediensbeskouing van 'n kerkgroep. Deur die eeue heen was daar 4 beskouings van die erediens wat altyd in 'n meerdere of 'n mindere mate na vore gekom het.

Die erediens is beskou as 'n drama	-	Oosters Ortodokse
Die erediens is beskou as 'n offer	-	Rooms Katolieke
Die erediens is beskou as 'n belewing	-	Pentakostaliste
Die erediens is beskou as 'n gesprek	-	Reformatore.

3. Besondere kenmerke van die Erediens

In die res van hierdie hoofstuk gaan ons handel oor ons eie kerk en ander reformatoriese kerke se standpunt oor die erediens. Hierdie standpunt is nêrens so per besluit vasgelê nie. Die standpunt soos dit hier weergegee word, is die besinning soos dit aangetref word in die meeste liturgiekhandboeke wat geskryf is deur reformatoriese beoefenaars van die vakgebied.

4. Die Erediens is ontmoeting tussen God en sy gemeente

Sedert die sondeval was daar verwydering tussen God en die mens. Die mens self kon die kloof nie oorbrug nie. Die mens self kan nie met sy eie vermoëns weer by God uitkom nie. Wat die mens self nie kan doen nie, het God egter vir die mens gedoen.

Na die sondeval kom God weer na die mens. God gaan voort om Hom met die mens te bemoei. Ons kan sê die hele Bybel is 'n geskrewe getuienis van God se bemoeienis, koms en ontmoeting met die mens.

Hierdie bemoeienis van God met die mens vind nie plaas omdat die mens dit verdien nie, maar uit God se liefde en genade.

In die Ou Testament leer ons dat God die volk Israel uitgekies het as die volk met wie Hy hom in die besonder bemoei het. Met hierdie volk het God op verskillende plekke en op verskillende maniere in ontmoeting getree. Die aanvanklike spontane ontmoeting met individue soos onder andere Abraham, Isak en Jakob word in die loop van die geskiedenis verbreed tot 'n reëlmatige ontmoeting met die hele volk. Die besondere plekke waar God met sy volk in ontmoeting getree het, was bepaalde heiligdomme in die tyd van die aartsvaders en die tabernakel in die tyd van Moses totdat die tempel deur Salomo gebou is. In die ballingskaptyd en daarna het die sinagoge naas die tempel gedien as besondere ontmoetingsplek tussen God en sy gemeente. Veral die offers wat deur die priesters gebring is, het gedien as die besondere wyse waarop die ontmoeting tussen God en sy volk plaasgevind het. Hierdie Ou Testamentiese offers het bepaalde gebreke gehad. Dit het nie die mens ten volle met God versoen nie en dit moes telkens herhaal word. Verder was slegs die priesters in die volle sin van die woord daarby betrokke en God het hoofsaaklik nog net met die volk Israel in ontmoeting getree.

In die Nuwe Testament vind 'n verbreding plaas. God stuur sy Seun Jesus Christus na die wêreld. Jesus Christus betaal vir die sonde van die hele mensegeslag en versoen só die mens met God.

Hy bring God en mens weer volkome bymekaar. Na sy lyding en opstanding en hemelvaart is dit duidelik dat God wil voortgaan om sy kinders te ontmoet. Waar sy gemeente vergader daar ontmoet God hulle, praat Hy met hulle en antwoord hulle op sy Woord. Hierdie ontmoeting het dus bepaalde kenmerke wat só saamgevat kan word:

4.1 Dit is alleen moontlik omdat God eerste na die mens gekom het en deur Jesus Christus.

4.2 Hierdie ontmoeting vind plaas tussen twee besondere partye naamlik God en die gemeente.

4.3 Dit kan alleen vir 'n gemeente werklike ontmoeting wees in die geloof. Hierdie ontmoeting word moontlik gemaak deur die Heilige Gees.

4.4 Die ontmoeting vind primêr plaas as daad en gespreksontmoeting. God handel en die mens reageer. God praat en die mens antwoord.

4.5 Hierdie ontmoeting het die eer van God as doel waar gelowiges God dien en hulle geloof versterk word waar hulle deur sy Woord vertroos en bemoedig word.

4.6 Hierdie ontmoetingsgebeure dra 'n vreugdekarakter.

4.7 Dit is dan ook afbeelding van die volmaakte erediens in die voleindiging van die tyd.

5. Die Erediens is daad van God en Mens

In die erediens vind daar 'n ontmoeting plaas tussen God en sy gemeente. Die erediens is deur en deur 'n handeling. Dit is in die besonder 'n handeling van God; van sy koms en sy werk aan en vir sy gemeente. God is hier die skenker en die mens is die ontvanger. Die werk van God in die erediens het die gemeente se geloof, hulle antwoord tot gevolg. Tradisioneel word bepaalde elemente van die erediens gesien as daad van God, naamlik die votum, die skriflesing, die prediking, die wetlesing, die genadeverkondiging en die bediening van die sakramente en die seën. Hierdie besondere middele gebruik God deur sy Gees in die erediens om op 'n besondere wyse met sy gemeente te handel. Hiermee is die moderne dwaling afgewys wat beweer dat die erediens in die eerste plek die geleentheid bied waar mense se behoeftes bevredig moet word.

Die erediens is ook handeling van die mens. God se handeling maak die mens se handeling moontlik. In die erediens gee die gelowige in die besonder sy antwoord op die daad van God. Hierdie antwoord van die mens is nie menslike prestasie nie. Dit moet gesien word as die werk van God in die mens. Die volgende elemente van die erediens word gesien as daad van die mens: die sang, die gebed, die geloofsbelydenis, die skuldbelydenis en die gee van die offergawes.

In die erediens loop die daad van God en die daad van die mens in mekaar. Dit is 'n ineengestrengelde wisselwerking. Een oomblik kan ons sê dat God die inisiatief neem en die volgende oomblik die mens.

As God seën, ontvang die gemeente. As die gemeente bid, luister God.

Hier is nie sprake van dat die gemeente die grootste gedeelte van die tyd passief is nie. Selfs die gedeeltes wat beskryf is as in die besonder daad van God, vra 'n aksie van die mens. Om te luister en te ontvang is deur baie geleerdes al beskryf as juis die hoogste vorm van aksie omdat die aktiwiteit die hoogste inspanning van die mens vra. In geen enkele deel van die erediens is die deelname van die mens uitgesluit nie.

Die handelinge in die erediens mag nooit willekeurig geskied nie. Die handelinge in die erediens moet altyd vir God welbehaaglik wees. Dit mag nie teen die reëls van die Skrif gaan nie en moet dus die bedoeling van die Skrif weerspieël. Dit moet ooreenstem met die wese van die saak wat ter sprake is.

6. Die Erediens is gesprek tussen God en die gemeente

Die teenwoordigheid van die drie-enige God en die ontmoeting met hom, lei tot 'n lewende gesprek. In die erediens spreek God in Christus deur die Heilige Gees met sy volk en hulle antwoord Hom. Uit die Bybel is dit duidelik dat God in die besonder die God is wat met mense praat deur sy Woord.

Uit die Bybel is dit duidelik dat God nie alleenspraak of monoloog voer nie! Wat God sê, moet beantwoord word. Sy Woord maak die antwoord by mense wakker. Dit het tot gevolg dat ons kan sê daar vind gesprek plaas tussen God en mens. Eers as daar spreke van God en antwoord van die mens is, kan ons sê dat 'n erediens plaasvind.

Die Woord van God gaan die woord van die mens vooraf. Die gesprek in die erediens, kan ons sê, kry sy karakter en sy momentum van die spreke van God. God begin die gesprek. Hy laat die gesprek voortgaan. Die Woord van God en die woord van die mens het uit die aard van die saak nie dieselfde waarde nie. Die antwoord van die gemeente is dan ook slegs moontlik omdat God dit bewerk met sy Gees. God moet die antwoord steeds uit genade gee. Afgesien van die feit dat God se Woord die mens se woord vooraf gaan en moontlik maak, is God se Woord ook op 'n besondere wyse tegelyk woord en daad - dit is leweskeppend, leweveranderend.

Omdat God se spreke die grondliggende van die erediens is, moet die hele erediens so ingerig word dat die spreke van God sentraal staan in die erediens, in die besonder by die begin van die erediens.

Die Woord van God en die antwoord van die gemeente kan nie van mekaar geskei word nie. Die lied byvoorbeeld, is in die meeste gevalle antwoord, maar dit is ook in sommige gevalle niks anders as 'n stuk verkondiging nie.

Dit is baie opvallend dat die Bybel nêrens 'n voorskrif of 'n model gee van presies hoe die bepaalde gesprek van God, die erediens, ingerig moet word nie. Dit beteken dat die erediens nie altyd en oral dieselfde vorm moet hê nie. Op grond hiervan is dit moontlik dat die kerk meer as een diensorde kan voorskryf en is dit wenslik dat die gemeentes hierdie verskillende ordes gereeld sal gebruik. Aan die anderkant is dit ook noodsaaklik om te sê dat bogenoemde nie beteken dat die

erediens geheel en al 'n willekeurige saak is nie. Die kerk het ten volle rekening gehou met die wese van die erediens, die lesse uit die geskiedenis en die situasie van die gemeente van hier en nou, toe hy sy diensordes opgestel het.

Die gesprek in die erediens behoort 'n verstaanbare gesprek te wees. Dit is volkome sinloos as iemand in die erediens sit en hy verstaan nie 'n woord wat gepraat word nie en kan nie 'n enkele woord saam sing of saam bid omdat hy die taal nie verstaan nie. Elke mens word in sy moedertaal die beste aangespreek en antwoord ook die volledigste in sy eie taal al verstaan en praat hy ook hoeveel ander tale. Op grond hiervan is dit belangrik dat elke volk in sy eie taal sy erediens sal hoor en beoefen.

In die erediens antwoord die gemeente op die Woord van God. Hierdie antwoord moet geskied vanuit die geloof. Hierdie antwoord kan en mag ook nie 'n willekeurige antwoord wees nie. Hierdie antwoord moet antwoord wees wat voortvloei uit God se Woord wat eerste tot hulle gekom het. Dit moet met ander woorde antwoord wees uit die geloof. Op grond hiervan is dit vanselfsprekend dat enige-iets wat vir mense mooi en goed lyk, nie sondermeer aanvaarbaar is vir die erediens nie. Die erediens is 'n ontmoeting, 'n handeling, 'n gesprek met 'n besondere doel.

Dit is daarom van die allergrootste belang dat ons moet poog om vas te stel wat God se doel met die erediens is.

Ons het reeds gesê dat die erediens die besondere plek is waar God handel, waar Hy sy eiendom ontmoet en waar Hy met sy gemeente in gesprek tree en hulle op sy dade en woorde reageer met hulle dade en antwoorde.

7. Die eer van God

Die allesbepalende middelpunt van die erediens is nie die mens of sy diens of sy vroomheid of sy werke nie. Die allesbepalende is God, sy liefde soos dit konkreet geword het in Jesus Christus. Alles gaan uiteindelik nie om die mens nie maar om die eer van God. Op grond hiervan moet ons sê die erediens vind in die eerste plek plaas tot eer van God. Die lof, die eer, die prys, die dank en die verheerliking van God is die kern waarom dit gaan. Alles in die lewe behoort plaas te vind tot eer van God. Hierdie eer vind egter sy besondere uiting daar waar die gemeente Sondag bymekaar kom in die erediens.

8. God vergader die gemeente

Dit is die wil van God dat hulle wat in Jesus Christus glo, deel sal wees van sy gemeente. In die Nuwe Testament gebeur dit telkens dat God hulle wat gered is,

tot sy gemeente gevoeg het. Sodra God mense tot sy gemeente gevoeg het, gebeur dit dat hulle as gemeente gereeld saamkom. Die Heidelbergse Kategismus druk in vraag en antwoord 54, God se bedoeling met die kerk baie goed uit as dit sê dat God sy gemeente vergader, beskerm en onderhou. Hierdie vergader, beskerm en onderhou vind in die besonder plaas as God sy gemeente in die erediens laat bymekaarkom.

9. Bemiddeling van Christus se Heilsgoedere

Die erediens is die besondere plek waar God deur middel van die Heilige Gees deur Woord en sakrament die mens wil deel gee aan Christus en al sy heilsdade. Die verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente is die wyses waarop God die mens wil laat deel kry aan al die gawes van Christus. Hierdeur gee God aan die mens vergifnis van sonde, regverdiging, nuwe lewe, kindskap van God, troos, hoop, ensovoorts.

Christus skenk die verlossing. Deur die werking van die Heilige Gees word hierdie heilsdaad uit die verlede opnuut 'n werklikheid gemaak vir die mens van hier en nou.

Hierdie verlossing moet in die geloof aanvaar word as 'n gawe van God. God gee aan die mens en tegelyk vra Hy van die mens. Die erediens kan ons daarom sê, is telkens tyd van beslissing vir die mens. Telkens moet hy die heil wat hom gebied word, aanvaar met al die konsekwensies wat dit inhou, of verwerp met al die konsekwensies wat dit inhou.

As ons sê die erediens is die besondere plek waar God in Christus deur die Heilige Gees met Sy woord en sakramente aan mense geloof gee en hulle versterk in die geloof, moet ons hierdie saak in perspektief sien. Dit beteken die ere diens is die besondere plek waar God Homself aan mense bekendmaak. Dit is die besondere plek waar Hy mense leer van Hom, hulle leer van sy wil, hulle troos, hulle bemoedig, hulle vermaan, hulle lei op die regte pad.

10. Belewing van gemeenskap met God

In die erediens kry die gelowige nie net deel aan die gawes van God nie, maar aan God self. God en mens ontmoet mekaar en verkeer met mekaar. Hierdie gemeenskap of saamwees moet beleef word. Waar ander groepe miskien te veel maak van belewing in die erediens, maak ons te min daarvan.

11. Belewing van gemeenskap met mekaar

Op grond van Christus se verlossing het 'n nuwe verhouding tussen God en mens ontstaan. Hierdie nuwe verhouding met God moet lei tot 'n nuwe verhouding met die medegelowiges wat veral tot uitdrukking kom in die erediens. Hiedie nuwe verhouding of gemeenskap moet nie eers na die erediens tot uitdrukking kom nie, maar dwarsdeur die hele erediens en in elke element van die erediens. So het dit in Christus moontlik geword dat die mees uiteenlopende mense 'n eenheid kan wees. God bring hierdie gemeenskap tot stand deur sy Gees. Hierdie gemeenskap is nie slegs 'n gawe nie, dit is ook 'n opdrag. God gee dit terwyl die gemeente ook daarna moet strewe.

Hierdie gemeenskap met mekaar is ook nie slegs 'n momentele ervaring nie, dit behoort in blywende onderlinge liefde te groei. Hierdie liefde behoort konkreet gestalte aan te neem in die erediens, maar ook in die alledaagse lewe van die gemeente. Elke gemeentelid moet die gawes wat hy ontvang het in die erediens en in die wêreld gebruik ten dienste van ander naas die diens aan God.

Hierdie gemeenskap wat die gemeente tot 'n eenheid maak het betrekking op die hele gemeente en sluit die kinders ook in.

12. **Diens aan God**

In noue aansluiting met die eer van God, kan ons ook sê dat die erediens die plek is waar die gemeente op 'n besondere wyse God dien soos Hy gedien wil word. Die erediens is die vergestalting van die wyse waarop die gemeente God elke dag moet dien. So gesien is die erediens die mees sentrale gestalte waaruit alle ander gestaltes van die diens aan God voorkom en ook weer teruglei.

Die hele erediens is diens, aanbidding en verheerliking van God. Dit is vir God aanneemlik op grond van Christus se verdienste. Deur die diens aan God gee ons te kenne dat ons nie net na die erediens kom om te ontvang nie, maar ook om iets aan God te bring uit dankbaarheid. Hierdie dankoffer vra baie van onsself. Dit vra volkome prysgawe en die sterwe van die ou self. Dit is oorgawe aan God sodat Hy in ons kan woon en werk. Hierdie oorgawe kom nie net deur die gebed tot uiting nie, maar deur alles wat in die erediens geskied.

13. **Toerusting**

Die erediens is die plek waar die gelowiges veral deur die prediking toegerus word vir hulle dienswerk in die wêreld. Hierdie toerusting geskied indirek en spontaan in die erediens, tog behoort dit ook doelbewus en sistematies plaas te vind.

In die erediens ontvang die gelowige die krag en die toerusting om sy profetiese, priesterlike en koninklike taak uit te leef. In die erediens ontvang die

gelowige die krag en die toerusting om in die politiek, die maatskaplike en ekonomiese lewe te gaan doen wat tot God se eer en sy medemens se heil sal strek. Die erediens is dus 'n oefening vir die daaglikse lewe.

14. **Voorbereiding vir die week se persoonlike Godsdiens**

Daar is so iets soos 'n liturgie wat begin as die erediens uitkom. Die een faset daarvan is die uitlewing van die geloof in die alledaagse lewe. Die ander faset is die huisgodsdiens. Die deelname van iemand aan die erediens hef nie sy persoonlike geloof in Jesus Christus op nie. Die persoonlike geloof word juis in die erediens so gestimuleer dat die gelowige in 'n lewende verkeer, daagliks met God betrokke is. Dit het tot gevolg dat God Sy bemoeienis in die week deur middel van die persoonlike godsdiens of huisgodsdiens voortsit. Huisgodsdiens is dus die manier waarop God sy gemeenskap met sy individuele gelowiges dwarsdeur die week voortsit.

Die persoonlike godsdiens word in die erediens gereflekteer en dit wat in die erediens plaasvind, vind weer sy neerslag in die persoonlike godsdiens. Die een mag nie ten koste van die ander een beklemtoon word nie.

15. **Uitbreiding van die Koninkryk van God**

Die erediens is in die besonder gerig op God en die gemeente. Die kerk mag egter nooit net met homself besig wees nie. Die genade van God is bedoel vir die hele wêreld. In die erediens doen die gemeente voorbidding vir die wêreld en word die gemeente toegerus met die oog op die gesprek met die wêreld. Deur woord en daad, spontaan en georganiseerd, moet die gemeente met die boodskap wat hulle ontvang het na die mense gaan wat van die kerk vervreemd is en hulle wat nooit geglo het nie. Die erediens loop dus ook uit op die evangelisasiewerk van die kerk.

16. **Die erediens is voorlopig**

Die erediens hier en nou is 'n volle werklikheid. Werklike ontmoeting met God vind hier plaas, waar Christus se heilsgoedere gegee en ontvang word. Dit is egter alles voorlopig. Alles sal eers in die ewige erediens volmaak wees. Hoewel voorlopig en onvolmaak, is die teenswoordige erediens 'n voorbereiding en 'n inoefening vir die volmaakte erediens in die ewigheid.

17. **Die teenwoordigheid van Christus in die erediens**

Die erediens is alleen moontlik op grond van die soenverdienste van Jesus Christus. In Hom is die drie-enige God in die erediens teenwoordig. Christus is oral en altyd

by elke gelowige teenwoordig. Hy het egter beloof om in die besonder teenwoordig te wees waar sy gemeente in sy Naam vergader. Die sekerheid van Christus se teenwoordigheid is geleë in die belofte wat Hy gegee het dat Hy tot in ewigheid by sy eiendom teenwoordig sal wees. Dit hang egter telkens weer van Christus se vrye wil af of Hy teenwoordig gaan wees of nie. Die Nuwe Testament bied nie 'n uitgewerkte leer oor Christus se teenwoordigheid in die erediens nie. Die onderliggende gedagte dwarsdeur die Nuwe Testament is egter dat Jesus teenwoordig is in die erediens. Dit is die grondslag waarop die kerk van die Nuwe Testament geleef het en geaktiveer is.

Die krag en dinamiek van die erediens, is Christus se teenwoordigheid. Dit is daarom nie nodig om allerlei bykomstighede te gebruik om mense na die erediens te trek nie. Die feit van die teenwoordigheid van Christus is reeds besonders.

Die teenwoordigheid van Christus in die erediens is 'n werklikheid. Almal ervaar en bemerk dit egter nie. Dit is die Heilige Gees wat Jesus Christus openbaar aan hulle wat in Hom glo.

Christus is in die erediens teenwoordig as ons Verlosser, ons Vertrooster ons Regter. In alles is Hy teenwoordig tot ons saligheid en ons heil.

18. **Besondere deelnemers**

God die Vader, die Seun en die Heilige Gees is die subjek en objek van die erediens. Die Drie-enige God maak die erediens moontlik, roep daartoe op, gee daaraan sin en neem tegelyk daaraan deel.

Die ander party in die erediens is die mens, en dan nie sommer enige willekeurige groep mense nie. Dit is die mense wat duur gekoop is met die bloed van Christus, in wie die Heilige Gees die geloof gewerk het en wat deur God tot sy gemeente toegevoeg is. Hierdie ander party is die hele gemeente - alle gedoopte lidmate. Uit wat reeds gesê is, is dit duidelik dat ons in die erediens nie te doen het met twee gelyke gespreksgenote nie. God is die Gewer en die mens is die ontvanger. Daar is ook nie sprake van dat God en mens in die erediens een word nie. God word nie vermenslik en die mens word nie vergoddelik nie. God bly God en die mens bly mens.

Hoewel die erediens vir die gemeente bedoel is, moet ongelowiges ook in die oog gehou word. Dit is tog so dat daar feitlik elke Sondag ook mense in die kerk teenwoordig is wat verflou in die geloof, en mense wat nog nooit geglo het nie. Andersyds het ons ook nie die vermoë om werklik te onderskei tussen gelowiges en ongelowiges nie.

Die dienswerk van die ampsdraers kom ook tot uitdrukking in die erediens. Die amptelike verkondiging en toerusting van die lidmate is in die besonder aan hulle toevertrou. Hulle is deelnemers aan die erediens. Hulle is die mond van God by die volk en die mond van die volk by God. Die predikant verkondig die Woord en bedien die sakramente. Die ouderlinge hou opsig en die diakens doen veral dienswerk by die tafels en die insameling van die offergawes.

19. **Vreugdefees**

Die erediens is nie 'n begrafnisgeleentheid nie, maar 'n feesgeleentheid. Die erediens word gevier op 'n slagveld waar die oorwinning behaal is. Die erediens is ook nie 'n fees in wêreldse sin nie. As ons kyk na alles wat reeds oor die wese van die erediens gesê is, is dit duidelik dat ons hier met 'n besondere fees te doen het. Hierdie is nie 'n fees waar slegs mense mekaar ontmoet en hulle behoeftes bevredig moet word nie. Dit is 'n fees waar God sy gemeente ontmoet en dit in die eerste plek gaan om sy eer, sy diens, en die ontvangs van Christus en sy heilsgoedere. Hierdie is 'n fees uit dankbaarheid en blydskap vir die verlossing deur Jesus Christus, die gemeenskap met God, die gemeenskap met mekaar en die verwagting van die groot fees in die hiernamaals. Die besondere karakteristiek van hierdie fees, maak dat dit geheel en al anders ingerig en beleef word as 'n gewone wêreldse fees.

20. **Deelname in die erediens**

Die deelname van die gemeente in die erediens is die reaksie op wat God eerste gedoen het in Jesus Christus.

Die deelname in die erediens is ook nie gelyke deelname nie. God gee en die gelowiges ontvang en handel op grond van wat hulle ontvang het. Die hele gemeente is geroepe om deel te neem aan die erediens. Elkeen moet en kan deelneem.

Die besondere aard van die erediens bepaal die wyse van deelname. Dit is God en gemeente wat mekaar ontmoet. In die meeste gevalle handel die liturg in die Naam van God en is dit goed en reg dat net van een liturg gebruik gemaak wrod. Die gemeentelede neem egter nie deel as individue nie, maar as 'n liggaam. Hulle handel as 'n eenheid.

Die gemeente se deelname is 'n deelname soos in 'n spel. Hierdie deelname kan beskryf word as korporatiewe deelname. Die korporatiewe deelname kom dwarsdeur die erediens voor, maar in die besonder in die sang, die gebed, die skuld-

belydenis en die luister na die Woord van God. Die deelname behoort sinvolle deelname te wees en daarom behoort die hele erediens so ingerig te word dat die gemeente die betekenis van elke element verstaan.

21. **Die Heilige Gees**

Die Heilige Gees is die een wat ons deel gee aan Christus en al sy weldade. Hy is die een wat ontmoeting tussen God en mens moontlik maak. Hy is die een wat ons Christus se teenwoordigheid laat ervaar as werklikheid. Hy is die een wat dit in mense se harte werk om na die erediens te gaan, deel te neem en deel te hê aan alles wat daar plaasvind. Alles in die erediens is alleen moontlik deur sy werking.

22. **Die erediens is die middelpunt van die gemeentelike lewe en arbeid**

Uit alles wat gesê is, spreek dit eintlik van self dat die erediens die middelpunt en die hart van die kerk se werk is. Alles in die gemeente behoort op die erediens uit te loop en behoort weer hieruit gevoed en gedra te word. Dit is die sentrum, die middelpunt. "Die erediens is die operasiebasis vir die lewe en die werk van die kerk in die wêreld. Soos wat dit van die grootste belang is dat 'n leer 'n basis het van waaruit dit werk, wat die nodige toerusting en beplanning, koördinasie en leiding gee, so ook is die erediens die operasiebasis van die kerk. Hier geskied die bevel-ing, die toerusting, die vorming, hier geskied die beplanning en die koördinering van die arbeid, hiervandaan geskied die leiding vir die lewe en getuienis in die wêreld. Dit is egter ook hierheen dat die gelowiges wat moeg en moedeloos is, of wat gloei van oorwinning en blydskap, kan terugkeer en versterk en opnuut weer kan uitgaan', (Barnard 1981: 62 en 63).

2. Kontrolevrae

1. Gee 'n kort definisie van die erediens.
2. Noem 4 verskillende beskouings van die erediens.
3. Neem die besondere kenmerke van die erediens.
4. Wat is die doel van die erediens?
5. Waarom is die erediens die middelpunt van die gemeente se lewe en werk?
6. Bespreek die volgende stellings:
   * Die erediens is ontmoeting tussen God en sy gemeente,
   * Die erediens is die daad van God en mens,
   * Die erediens is gesprek tussen God en sy gemeente,
   * Die erediens vind plaas tot eer van God.
   * Die erediens vind plaas met die oog op die bemiddeling van Christus se heilsgoedere.
   * In die erediens vind gemeenskap met God en met gelowiges onderling plaas.
   * Die erediens dien as toerusting.
   * Christus is teenwoordig in die erediens.
   * Die erediens is 'n vreugdefees.
7. Wat is die besondere funksie van die Heilige Gees in die erediens?
8. Noem en bespreek die verskillende deelnemers aan die erediens.

Literatuurverwysings

AC Barnard. Die Erediens. NG Kerkboekhandel, Pretoria, 1981.

JI de Wet. Liturgiek, Diktaatlesing. Universiteit van Pretoria, 1965.

DG Dix. The Shape of the Liturby. Dacre Press, London, 1945.

WF Golterman. Liturgiek, Haarlem De Erven. F Bohn NV, 1951.

GJ Hoenderdaal. Riskant Spel, Liturgie in een geseculariseerde wêreld. Boekencentrum BV 's Gravenhage, 1977.

AFDELING 2

DIE GESKIEDENIS VAN DIE EREDIENS

1. Inleiding

Om die erediens, soos ons dit vandag ken, te verstaan, is dit nodig dat ons van die oorsprong en die ontwikkeling van die Christelike erediens moet kennis neem.

Aanvanklik is gemeen dat die agtergrond van die erediens geleë is in die Hellenistiese wêreld. Die ondersoek na die agtergrond van die Christelike erediens het egter sodanig ontwikkel dat navorsers tot die oortuiging gekom het dat ons vir die oorsprong van die erediens na die Joodse godsdiens in die Ou Testament moet gaan.

Klem sal gelê word op die volgende ontwikkelings in die geskiedenis:

- Die wortels van die erediens uit die Skrif.
- Die besondere kenmerk van die erediens in die vroeë christelike kerk.
- Die verwording van die erediens in die Roomse Kerk.
- Die geskiedenis van die erediens in die tyd van die reformasie.
- Die geskiedenis van die erediens in die tyd van die reformasie tot vandag.

DIE AGTERGROND VAN DIE EREDIENS UIT DIE SKRIF

2. Ou Testamentiese Agtergrond

Wanneer ons dink in terme van die elemente wat die Christelike erediens uit die erediens van die Ou testament oorgeneem het, moet ons onmiddellik sê dat dit baie algemeen en indirek is.

In die erediens van die Ou Testament was dit God wat die inisiatief geneem het. Hy het die volk laat saam kom. God se dade was die middelpunt van hierdie samekomste.

Al God se handelinge, sy skepping, sy verlossing, sy verbondsluiting en sy heerskappy as Koning, is as 'n eenheid gesien en die erediens was 'n viering - 'n herdenking en danksegging van hierdie optrede van God.

Die erediens was ook die plek waar God met sy volk in ontmoeting getree het. Offers, waardeur die volk met God versoen is, was 'n sentrale element van die erediens. In die Ou Testament word ook melding gemaak van sekere elemente wat by die tempel plaasgevind het naamlik die onderrig wat deur priesters gegee is, die lees van die wet, sang waar die verheerliking van God uitstaan, gebed en die seën.

Uit die erediens van die Ou Testament is ook oorgeneem die feit van gereelde byeenkomste, die weeklikse dag-indeling, die indeling van die jaar in maan-maande en ook die datums van feeste, soos paas en pinksterfeeste, al word die inhoud anders verstaan.

Die sinagogediens, wat naas die tempeldiens bestaan het en gedurende die ballingskap in Babilonië ontstaan het, het 'n groot invloed op die Christelike erediens gehad.

Die volgende is karaktertrekke van die sinagogediens:

* Dit is 'n diens sonder offers.
* Dit was by uitstek 'n gebedsgeleentheid.
* Klem is gelê op die lees van en onderrig uit die wet (Tora).
* Die belydenis van die grootheid en die enigheid van God.
* Reëlmatige byeenkomste op die sabbat, feestye en daaglikse gebedstye.
* Gewone lidmate het ook deelgeneem.

Verder kan in verband met die sinagogediens vermeld word dat daar voorlesing van gedeeltes uit die profete plaasgevind het en 'n uitleg ("n preek') gegee is. Die gebruik om Psalms te sing het ook in die sinagogediens voorgekom.

Die sinagogediens het die volgende invloede op die Christelike erediens gehad:

* Die gebruik om gereeld saam te kom om die Here te dien.
* Die bepaalde patroon waarop die gemeente die Here gedien het.
* Die besondere plek van gebede.
* Sekere uitroepe in die sinagogediens byvoorbeeld 'amen' en 'halleluja'.
* Die gebruik om reëlmatig te sing.
* Die reëlmatige lees van die Skrif, die vertaling van die Skrif en die uitleg daarvan.
* Die geleentheid vir lidmate om self deel te neem aan die erediens.
* Die lees en uitleg van die Tora (wet).

DIE CHRISTELIKE EREDIENS IN DIE NUWE TESTAMENT

In die Nuwe Testament word min oor die erediens vermeld.

Vir die eerste gelowiges, wat Jode was, was die erediens 'n bekende aangeleentheid. Die Nuwe Testamentiese erediens sluit dan ook sterk aan by die tempeldiens, maar in 'n meerdere mate by die sinagogediens. Aan die begin het die Christene nie weggebreek van die tempel of die sinagoge af nie. Hulle het steeds meegedoen aan hierdie dienste, hoewel hulle dit verstaan het in die lig van

die lewe en werk van Jesus Christus. Die verkondiging van Jesus Christus as Verslosser is die nuwe element by die bestaande sinagogedienste. Saam met die prediking van Jesus Christus, neem die nagmaal ook 'n belangrike plek in.

Die gemeentes in die Nuwe Testamentiese tyd het minstens Sondae byeengekom, maar uit die Nuwe Testament kan 'n mens ook aflei dat die gemeente aanvanklik daagliks byeengekom het. By hierdie geleentehede is klaarblyklik gepreek, gebid en nagmaal gevier saam met die gemeenskaplike maaltye.

In die Nuwe Testament word geen volgorde vir die elemente van die erediens vir ons voorgehou nie. 'n Aantal elemente van die Christelike erediens word wel vermeld, maar nie as 'n vereiste voorgestel nie.

Die volgende elemente kom in die Nuwe Testament na vore:

* Skriflesing. Die lees van die Ou Testament het 'n vaste plek in die sinagogediens gehad. Die gebruik is in die Nuwe Testament voortgesit. Later is die briewe van die apostels en ander geskrifte ook gelees. (Kol 4:16, 1 Tim 4:13)
* Prediking. Soos by die sinagogediens was dit die gebruik in die kerk om die uitleg of te wel die verkondiging te laat aansluit by die voorgelese gedeelte.
* Verskillende gebede. (Rom 15:30, Ef 6:18, 1 Tim 2:1).
* Sang. Vanaf die begin het die Christelike kerk gesing in die erediens. (Mat 26:30, Ef 5:19).
* Belydenis van Geloof. In die Nuwe Testament is daar geen uitgewerkte belydenis nie, tog vind ons iets daarvan in sekere gedeeltes van die Nuwe Testament. (Ef 4:4-6, 1 Kor 15:3-4).
* Die seëngroet (Rom 1:7, 1 Kor 1:3)
* Die seën (2 Kor 13:13).
* Die breking van die brood of die nagmaal.
* Doop.
* Vaste formules soos Maranata (1 Kor 16:22) met die betekenis, 'ons Here het gekom' of 'ons Here sal kom' of 'mag ons Here kom'. Amen (1 Kor 14:16) waarmee instemming of bevestiging uitgedruk word. Halleluja (Open 19:1) wat 'n lofprysing is. Hosanna (Mark 11:9) wat beteken 'help tog'.
* Doksologie (Rom 11:33-36) Hier gaan dit om die lofprysing en verheerliking van God vir dit wat Hy gedoen het.
* Eulogie - dit is 'n dankgebed.

DIE EREDIENS GEDURENDE DIE EERSTE DRIE EEUE NA CHRISTUS

Wat ons van die erediens in die Nuwe Testament geleer het, asook die invloed van die Joodse sinagogediens, is grootliks deur die Vroe» Kerk voortgesit. Die erediens was vir die Christene van groot belang en dit is dan ook as die hartklop van die Vroeë Christelike Kerk beskou.

Daarom was die vervolgings wat sporadies plaasgevind het grootliks gerig op die erediens, maar desondanks het die Christene met die erediens voortgegaan.

SAMEVOEGING VAN TWEE STROME

Van die sinagogediens en die nagmaalsinstelling deur Christus, wat lyk of dit in die Nuwe Testament soms saam en soms afsonderlik fungeer, kry ons in die middel van die tweede eeu duidelike berigte dat dit tot eenheid saamgevoeg is.

Die erediens het dus nou bestaan uit twee duidelik onderskeibare sake naamlik die Woordverkondiging en wat daarmee saamgaan, asook die Nagmaalsviering en die elemente wat daarmee saamgaan. Hierdie twee onderskeibare sake was egter nie vir alle persone oop nie. Gaandeweg het daar 'n duidelike skeiding ontwikkel tussen die mense wat die eerste gedeelte kon bywoon en die persone wat die tweede deel kon bywoon. Die eerste gedeelte was vir alle persone toeganklik terwyl die tweede deel naamlik die nagmaalsviering alleen toeganklik was vir die gelowiges. Die ander persone moes die erediens voor die nagmaalsviering verlaat.

Die erediens het in die eerste eeue van die Christelike Kerk waarskynlik soos volg gelyk:

Eerste gedeelte van diens

* Groet en antwoord.
* Bybellesing, afgewissel met psalmmelodië.
* Preek deur biskop.
* Gebed vir die nood van Christendom.
* Wegsturing van persone wat nog nie belydenenis gedoen het nie.
* Kollekte.

Tweede gedeelte van diens

* Groet en antwoord.
* Vredesoen.
* Offertorium.

- Eucharistiegebed.
- Breking van brood en gebruik van nagmaal.
- Wegsturing van gemeente.

ELEMENTE BINNE DIE EREDIENS

1. Skriflesing en Prediking

Die gebruik by die sinagogediens om die Ou Testament reëlmatig deur te lees het ook in die Vroeë Kerk inslag gevind, maar met die belangrike byvoeging, naamlik dat op dieselfde reëlmatige wyse ook 'n gedeelte uit die Nuwe Testament gelees is. Eers is dus uit die Ou Testament gelees, daarna een van die briewe uit die Nuwe Testament en laastens 'n gedeelte uit die evangelie.

Die prediking wat saam met die Skriflesing gegaan het, het aangesluit by die gelese gedeeltes. Die preek het eintlik die vorm aangeneem van 'n bespreking, 'n uitleg en toepassing van die voorgelese Skrifgedeeltes op die lewe.

2. Gebede

Gebede was van groot belang en het ook 'n vaste plek in die erediens gehad. Die biskop het leiding geneem met die gebede, maar op so 'n wyse dat die gemeente daarby betrokke was. Twee onderskeibare gebede ontwikkel in hierdie tyd. Die voorbedegebed het plaasgevind net voor die nie-lidmate die erediens verlaat het. Dit is gedoen vir mense in nood, vir vrede, vir owerhede, ensovoorts. Die tweede gebed vind plaas net voor die nagmaal en het spoedig 'n vaste patroon aangeneem.

3. Sang in die Erediens

Die gebruik om in die sinagogediens te sing het ook in die Vroeë Kerk posgevat. Daar word veral melding gemaak van psalms wat gesing is tussen die verskillende Skriflesing. Aanvanklik het die psalms 'n belangrike rol gespeel in die Christelike erediens. Vanaf ongeveer die vierde eeu het die himne 'n groter rol begin speel en selfs begin om die psalms te oorskadu. Hierdie himne het veral ontstaan by verskeie ketterse persone, maar tog het die kerk dit gebruik.

Arius het byvoorbeeld himnes gebruik om sy leringe bekend te stel. Die konsilie van Laodicea (360-381) het besluit om alle onskriftuurlike himnes uit die erediens uit te weer.

4. Die Nagmaal

Geleidelik het in die Vroeë Kerk die gedagte ontwikkel dat die nagmaal 'n offer is wat in die Naam van Christus aan God gebring word. Hierdie ontwikkeling is 'n pertinente wegbeweeg van die Nuwe Testament.

5. **Plekke van Byeenkomste**

Die plek van aanbidding was in die Vroeë Christelike Kerk gewoonlik in 'n huis van een van die gelowiges. Die huise van adellikes het hulle veral goed geleen vir sulke byeenkomste. As gevolg van die feit dat die Christene destyds nie in die finansiële posisie was nie en ook omdat hulle dikwels vervolg is, kon hulle nie tempels oprig nie en moes hulle maar tevrede wees met 'n gemeentehuis as bymekaarkomplek.

6. **Tye van samekomste**

Die Vroeë Kerk het nie net op Sondae vir eredienste bymekaar gekom nie, maar ook gedurende die week. Dit is eintlik in navolging van die Joodse gebruik om twee dae in die week te vas. Hierdie weeklikse byeenkomste het eintlik gedien as ondersteuning vir die Sondae-dienste.

Die Sondag het egter sentraal gestaan en dit was 'n feesdag vir die Vroeë Kerk wat gevier is met die erediens en die nagmaal. Die Sondag is as feesdag beskou omdat dit gesien is as die weeklikse viering van Paasfees - die dag van Christus se oorwinning.

7. **Die erediens gedurende die Vierde Eeu**

Tot die derde eeu was die Chrsitelike Kerk in die minderheid en soms was hulle ook nog blootgestel aan vervolging.

Verskeie besluite in die vierde eeu het die posisie van die Kerk en ook die erediens verander.

* Met die Edik van Toleransie (311) word die Christelike Kerk die eerste keer deur die Romeinse owerheid erken.
* Deur die Edik van Milaan word aan die Kerk vryheid verleen om te aanbid soos hulle wil.
* In 380 word die Christelike godsdiens tot staatsgodsdiens verklaar.

GEVOLGE VAN HIERDIE BESLUITE VIR DIE EREDIENS

1. **Groot Kerke**

Deurdat die Christelike godsdiens nou die godsdiens van die massa geword het, word groter geboue benodig. Die geboue moes mooi en selfs swierig wees omdat dit die amptelike godsdiens van die regeerders was.

2. **Karakter van die Erediens**

Die klein samekomste in huise het veroorsaak dat die erediens 'n persoonlike en privaat karakter gehad het. As gevolg van genoemde besluit kry die erediens nou 'n openbare, publieke karakter. Dit het tot gevolg dat mense nie net die erediens bywoon uit geloofsoortuigings nie, maar erediensbywoning het ook plaasgevind op grond van pligspleging deur veral amptenare van die staat.

3. **Ampte**

Om die groot hoeveelheid mense wat in hierdie tyd na die kerk gekom het te beheer, is die werk van die ampte besonderlik beklemtoon en in dié hierargie of 'n rangorde in die ampte ontstaan. Die ampsdraers het 'n al groter wordende rol in die erediens begin speel en die lidmate se deelname is gedegradeer tot toeskouers vir wie 'n diens opgevoer is. Ook die nagmaal is gesien as iets groots waaraan net die ampsdraers kan deel hê omdat gereken is dat die gewone lidmate nie eintlik werd is om deel te hê aan die nagmaal nie.

4. **Christelike Kalender**

Gedurende die vierde eeu het daar 'n Christelike kalender ontwikkel. Behalwe die Paasfees ontwikkel nou ook Pinksterfees en Kersfees en rondom hierdie feeste ontwikkel 'n voorbereiding en 'n naviering.

5. **Kloosterwese**

Die kloosteridee ontstaan as geleentheid vir die saamwoon van mense wat hulle self uit die samelewing wil onttrek om 'n geestelike tuiste te vind. Dit ontwikkel nadat die Kerk staatskerk geword het en die wêreld in die kerk gekom het. In die afgesonderde lewe van 'n klooster het hulle gedink kan hulle ongesteurd die volmaakte gemeenskap met God beleef. In hierdie afgesonderde lewe het die klem grootliks op die askese en die volmaakte geval.

6. **Erediens in die Oosterse Kerk**

Rondom die liturgie van die Oosterse Kerk in die Griekssprekende wêreld het daar geleidelik 'n mate van eenheid ontstaan.

Opvallend, as 'n mens na hierdie liturgie kyk, is die somberheid van 'n diens waar mense voor die ontsagwekkende God staan. Die vreugde wat by so 'n ontmoeting tuishoort, ontbreek en so ook 'n gevoel van vergifnis en sekerheid. Die erediens self het in die vorm van 'n drama plaasgevind. Die hele geskiedenis van Christus se lewe op aarde is in die vorm van 'n drama, deur die priesters en 'n koor opgevoer.

Simboliek is in die Oosterse Kerk oorbeklemtoon. Alles wat in die erediens plaasgevind het, het simboliese waarde gehad. So het selfs die klere van die liturg - wat maar eintlik net feestelike klere was - 'n hoër of te wel 'n dieper betekenis gekry.

Die gemeentelede self was niks anders as passiewe toeskouers, wat na die opvoering van 'n drama kom kyk het nie.

7. Erediens in die Westerse Kerk

Die Westerse erediens het 'n lang geskiedenis van groei en ontwikkeling gehad. Ongelukkig kan veel daarvan nie met sekerheid nagespoor word nie.

Ons weet egter dat die Roomse mis sy ontstaan gehad het in die erediens van die Weste en veral die van Rome. Aanvanklik was die taal van die erediens oral Grieks, maar vanaf die vierde eeu kom Latyn al hoe meer voor as taal van die erediens.

Die erediens (mis) voor die Reformasie

'n Kenmerk van die tyd was dat daar op feitlik elke terrein van die kerklike lewe 'n insinking voorgekom het. Die insinking was geleë in die feit dat daar wegbeweeg is van die Bybelse voorskrifte. 'n Verdere oorsaak van die verval was die bestaan van die tradisie wat naas die Skrif bestaan het.

Hierdie tyd voor die Reformasie was dan ook 'n bloeitydperk wat feeste van Maria en ander heiliges, betref asook vele ander godsdienstige gebruike, byvoorbeeld gebedstye, kloosterdienste, ensovoorts.

In hierdie tyd was die mis (nagmaal) die middelpunt van die kerklike lewe, maar die mis was in sy wese niks anders as 'n ontaarde erediens nie. Die mis is ook in latyn gehou en 'n groot deel van die kerkgangers het dit nie verstaan nie.

Die kenmerke van die erediens in die Roomse Kerk in die Middeleeue kan as volg saamgevat word:

* Die eenvoud in die erediens moes plek maak vir 'n oorvloed van woorde en handelinge.
* Die preek as middelpunt van die erediens verdwyn.
* Die nagmaal (mis) word die sentrum van die erediens.

* In die plek van die preekstoel, staan die altaar in die middelpunt.
* Die nagmaal word nie gesien as sigbare verkondiging van die Woord nie, maar as 'n offer.
* Die ampte neem die diens oor. Die gemeente is slegs toeskouers.
* Sang word die funksie van die diakens en die koor.
* Die erediens word nie gehou in die taal van die volk nie, maar in Latyn.

BESKOUING VAN DIE EREDIENS DEUR DIE REFORMASIE

In die tyd voor die Reformasie was die verval in die kerklike lewe in die mis die duidelikste. Dit is dan ook te wagte dat die reformasie juis hier sou begin.

Die besware van die reformasie teen die mis kan as volg saamgevat word:

* Veroordeling van die offerkarakter van die mis.
* Veroordeling van die transsubstansieleer (Dit is die leer dat die brood en die wyn werklik in Jesus se liggaam in bloed verander) in die mis.
* Veroordeling van die verdienstelike karakter van die mis.
* Veroordeling van die privaatmisse waar die gemeente nie teenwoordig hoef te wees nie.
* Veroordeling van die gedagte dat die nagmaalbeker onthou word van die gewone lidmate.
* Veroordeling van alle heidense en onbybelse elemente in die erediens.

Die besware van die reformatore het na vore gekom uit die nuut - ontdekte boodskap van die Bybel, naamlik die regverdiging van die mens uit genade as geskenk in Christus wat in geloofsvertroue aanvaar moet word.

Omdat die prediking in die mis nie tot sy reg gekom het nie en omdat die prediking soms vervang is deur verhale oor heiliges, het die reformatore vanweë hulle Bybelse gebondenheid weer 'n sentrale plek aan die prediking gegee. In aansluiting hierby het hulle die Skrif gesien as die enigste en allesbepalende norm vir alle hervorming.

Vanweë die onkunde wat by lidmate bestaan het oor die Bybelse inhoude, is dit te verstane dat die reformatore swaar klem gelê het op die lerende erediens.

Die vernuwing wat deur die reformatore na vore gebring is, kan as volg saamgevat word:

* Prediking is die middelpunt van die erediens.
* Nagmaal is gereeld bedien.
* Die erediens geskied in die volkstaal.

* Die gelowiges is deelnemers aan die erediens en nie toeskouers nie.
* Die volgende elemente kom by feitlik al die reformatore voor:
  Votum, skuldbelydenis, genadeverkondiging, sang, gebed, skriflesing, preek, seën, geloofsbelydenis, offergawe en wetlesing.

LUTHER SE BESKOUING VAN DIE EREDIENS

Die misbruike van die Roomse mis is verskeie kere deur Luther veroordeel. Sy kritiek het veral om die volgende punte gegaan:

* Teen die offergedagte.
* Teen die leer van die transsubstansiasie van die mis.
* Teen die nagmaal aan gelowiges slegs onder een teken.
* Teen die privaatmis.
* Teen die gedagte van die mis as verdienstelike werk.
* Teen die feit dat die gemeente slegs toeskouers geword het.

Vir Luther staan die prediking sentraal in die erediens. Die prediking was vir Luther nie net die gedagte van die prediker nie, maar vir hom was dit Christus self wat sy gemeente aanspreek en geloof wek deur die prediking en sakramente.

Omdat Luther 'n besondere liefde gehad het vir sang en musiek het hy gou die waarde daarvan vir die erediens besef. Die probleem was dat daar nie geskikte Duitse liedere beskikbaar was nie. In 1526 gee hy egter die eerste evangeliese gesangboek uit, wat vier liedere van homself bevat het.

ELEMENTE VAN DIE EREDIENS BY CALVYN

Calvyn stel die volgende elemente vir die erediens vas:

* Die predikant lei die diens vanaf die tafel en gaan slegs na die preekstoel vir die preek.
* Die erediens begin met die votum. (Calvyn sê dat al ons dade moet begin met die aanroeping van die Naam van Christus.).
* Gemeentesang kry 'n vaste plek in die erediens.
* Die Dekaloog (Tien Gebooie) kry teologiese betekenis. Dit het nou die betekenis van die reël van dankbaarheid en dit kom na die skuldbelydenis.
* Openbare skuldbelydenis.
* Die gebed wat hoofsaaklik ten doel gehad om die seën van die Here op die Woordverkondiging af te smeek.
* Die samehang tussen Skriflesing en preeek wat ons ook in die Vroeë kerk teëgekom het, is deur die reformatore oorgeneem.

* Intersessie (gebed) na die preek wat eintlik 'n antwoord op die preek is.
* Geloofsbelydenis na die preek.
* Insameling van offergawes.
* Dankgebed.
* Seën.
* Woord en nagmaalsdiens.

GEREFORMEERDE EREDIENS IN NEDERLAND

Die reformatoriese gedagtes het ook tot in Nederland deurgedring. Die vervolging deur die Roomse Kerk was egter so erg dat daar nie werklik gepraat kon word van 'n georganiseerde gemeentelewe nie.

Grootliks as gevolg van die vervolginge vlug baie mense na Londen en sodoende ontstaan daar 'n vlugtelinggemeente. Uit hierdie gemeente, en ook uit die vlugtelinggemeente van Frankenthal, ontwikkel die liturgie van Datheen. Op sy beurt erf die kerk in Nederland sy liturgie van Datheen. (1571).

Die orde van die erediens het min of meer soos volg gelyk:

Votum - gebed - preek - gebed en geloofsbelydenis - seën - (In die middagdiens word die Dekaloog geplaas tussen die gebed en preek) - insameling van gawes by die deur.

EREDIENS IN SUID-AFRIKA

Met die koms van Jan van Riebeeck is die kerklike gebruike van Nederland net so hierheen oorgedra. Die vorm van die erediens wat hier in Suid-Afrika beslag gekry het, was soos die 'Nasional Sinode van Dordrecht' 1618/19 dit vasgestel het.

Die kerklied in Nederland - die Psalmberyming van Datheen en enkele ander Skrifliedere - het ook hierheen oorgekom. Ander groepe wat hierheen gekom het, naamlik die Franse Hugenote, die Duitsers, die Britse Setlaars, het egter min invloed op die eredienste gehad. Op eie bodem het daar egter nie veel veranderinge plaasgevind nie. Enkele formuliere is in gebruik geneem. Psalms en Gesange het ook 'n vaste plek in die erediens gekry.

Dit is egter ook belangrik om kennis te neem van enkele ander vorms van vernuwing wat in die erediens van ander kerke plaasgevind het.

EKUMENIESE DIENSTE

Hierdie dienste vind veral plaas om die eenheid van die Kerk sigbaar te maak. Hier tree Roomse priesters en Protestantse predikante op om so te probeer toon dat die geloofsverskille nie werklik so groot is nie.

EMOSIONELE EREDIENSTE

Hier gaan dit grootliks om die gevoel, die ervaring en die belewing. Emosies word opgewek met jazz-orkeste en musiek. Groot klem word ook gelê op beweging en aksie.

CHARISMATIESE EREDIENSTE

Hier beywer die mense hulle veral vir 'n kragdadiger werking van die Heilige Gees tydens die erediens. Veral die beoefening van die besondere gawes van die Gees staan sentraal.

POLITIEKE DIENSTE

Dit is dienste wat gekoppel word aan die bereiking van 'n bepaalde ideaal. Die erediens word byvoorbeeld gebruik om maatskaplike strukture te verander en om vanuit die erediens politieke invloed te laat uitgaan.

22. Kontrolevrae

1. Noem enkele aspekte van die tempeldiens wat 'n invloed op die Christelike erediens gehad het.
2. Noem enkele aspekte van die sinagogediens wat 'n invloed op die Christelike erediens gehad het.
3. Noem 'n aantal elemente van die Christelike erediens soos ons dit in die Nuwe Testament aantref.
4. Uit watter twee onderskeibare elemente bestaan die erediens in die derde eeu?
5. Noem drie besluite wat 'n invloed op die erediens uitgeoefen het tydens die vierde eeu?
6. Noem 'n aantal kenmerke van die Roomse mis.
7. Noem vyf besware van die reformatore teen die mis.
8. Noem kortliks die vernuwing wat die reformatore in die erediens teweeg gebring het.
9. Hoekom kan ons nie werklik praat van 'n georganiseerde gemeentelewe in die 16de eeu in Nederland nie?
10. Watter land het 'n groot invloed in Suid-Afrika uitgeoefen op die erediens en hoe het dit gebeur?

AFDELING 3

DIE ONDERSKEIE ELEMENTE VAN DIE CHIRSTELIKE EREDIENS

In hierdie hoofstuk gaan ons in besonder na die volgende sake kyk:

- Wat die betekenis van die verskillende elemente van die erediens is.
- Waarom verskillende elemente op verskillende plekke geplaas word in die erediens.
- Hoe verskillende elemente op verskillende maniere ingeklee kan word.
- Hoe lidmate aan die erediens behoort deel te neem.
- Dat daar verskillende liturgiese ordes in die Nederduitsch Hervormde Kerk bestaan en wat die besondere funksie van elke orde is. (Sien Diensboek 1987: 8-53)

1. **Inleiding**

Die Bybel stel die eis dat die erediens sinvol en ordelik moet verloop. Die doel van hierdie afdeling is dat ons in staat sal wees om dit wat in die erediens plaasvind vanuit Bybelse beginsels te veranker en te verantwoord. Ons moet dus weet wat die doel van elke element is en waarom dit op 'n bepaalde plek inpas in die erediens. Daar moet altyd sorg gedra word dat 'n erediens, diens tot eer van God bly, maar terselfdertyd moet daar gewaak word teen formalisme. Om dié rede moet daar altyd 'n opening gelaat word vir verskillende liturgiese vorme of ordes.

2. **Die elemente van die erediens**

Voorbereiding

Die Kerkraad bid voor die aanvang van die erediens in die konsistorie dat die Here die erediens sal seën. Elke gemeentelid behoort ook sodra hy in die kerk kom in 'n stilgebed die Here te vra om die erediens te seën. 'n Orrelis moet in die voorspel hiermee rekening hou.

Votum

Die erediens begin altyd amptelik met die votum. Dit is die aankondiging van God se hulp vir sy gemeente. Reeds aan die begin van die erediens moet dit duidelik word dat God die gemeente bymekaar geroep het omdat Hy lief is vir sy gemeente. Om dié rede moet willekeurige sentimentaliteit vermy word en daarom behoort die

predikant Bybeltekste as votum te gebruik. God se liefde word deur baie Bybeltekste op baie maniere uitgedruk wat dit moontlik maak om die votum gereeld af te wissel. Omdat God die gemeente geroep het, neem Hy inisiatief by die aanvang van die erediens. Die erediens word dus met 'God se Woord' geopen, al is dit die gebed of versugting van 'n mens wat as model gebruik word soos: 'Ek kyk op na die berge: Waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het' (Ps 121:1,2). Alreeds by die votum behoort elke lidmaat intens betrokke te wees omdat God hom in liefde roep. Die gebed of versugting van iemand uit die Bybel word sy persoonlike gebed of versugting. Erediensorde I van die Nederduitsch Hervormde Kerk (Diensboek 1987: 24) maak wel voorsiening dat die erediens met 'n lofsang begin. Om verskeie teologiese redes is dit nie sterk aan te beveel nie. 'n Lofsang (die antwoord van die gemeente) behoort altyd eers te volg nadat die Woord van die Here gehoor is en nadat die Here sy gemeente gegroet het.

Die Seëngroet

Nadat die predikant die votum uitgespreek het, word die gemeente namens God gegroet. Die sin van die groet is daarin geleë dat die erediens 'n ontmoeting is tussen God en sy gemeente. Daar het eers 'n ontmoeting plaasgevind as daar wedersyds gegroet is. Die groet vind normaalweg plaas deur 'n formule wat uit Rom 1:7 en Open 1:4,5 afgelei is: 'Genade en vrede vir u van God ons Vader, van Jesus Christus die Here en van die Heilige Gees.'

Die votum en die groet kan met oop of toe oë gedoen word en met die groet kan die predikant een of beide arms ophef. Die rede vir die 'of' is omdat daar nie eenstemmigheid onder teoloë bestaan of ons hier met 'n gebed, 'n groet, 'n seën of 'n seëngroet te doen het nie.

Gemeentesang

Nadat God sy gemeente gegroet het, antwoord die gemeente spontaan en met blydskap met 'n lofsang om te bewys dat hulle dankbaar is dat God hulle weer eens kom ontmoet het. Hulle dank en prys Hom omdat Hy weer eens bewys het dat Hy nog iets met hulle te doen wil hê. Hier sien ons dus al duidelik hoe die een element logies op die ander volg: God praat en die gemeente antwoord. Die erediens is 'n kommunikasiegebeurtenis.

Op verskeie ander plekke kom die gemeentesang ook voor in die erediens. Deur die gemeentesang word die gesprek tussen God en die gemeente aan die gang

gehou. God praat (deur die groet, wet, skriflesing en prediking) en die gemeente antwoord (deur sang, gebed en belydenis).

Hierdie antwoord van die gemeente geskied om verskeie redes en daarom word die sang op verskeie plekke geplaas in die erediens: Om God te loof en prys omdat Hy weer 'n ontmoeting gereël het (na die votum en groet), om skuldbelydenis te doen (na die wet), om die geloofstigting te bevestig (na die geloofsbelydenis), om in geloof te antwoord op die Skriflesing en die prediking, ensovoorts. In kort kan ons sê dat die gemeentesang aan die gemeente geleentheid gee om te reageer op dit wat God vir die gemeente gesê het. Daarom word dit orals ingevoeg waar die gemeente in geloof moet antwoord op dit wat hulle van God gehoor het. Hulle bely hulle skuld as hulle verneem het hoe groot hulle sonde is en hulle besing die lof van God en dank Hom as daar genade aan hulle verkondig is. Die slotsang lei egter die einde van die erediens in. Die gemeente kom hier weer aan die woord om te bevestig dat hulle gesterk is in die geloof en nou gereed is om die wêreld tegemoet te gaan met 'n lofsang.

Omdat die orrelis die gemeente begelei in die verwoording van hulle geloofsantwoord, is dit noodsaaklik dat daar 'n goeie aanvoeling tussen die orrelis en die gemeente bestaan. Die orrelis behoort ook op een of ander manier leiding te neem by die opvoeding van die gemeente tot steeds beter gemeentesang. Elke gemeentelid behoort met oorgawe en van harte te sing.

Die Wet

Daar is sommige gelowiges wat sê dat die wet geen plek binne die christelike erediens het nie omdat Christus dit vervul het. Hierdie gedagte bestaan alleen as mens 'n verkeerde opvatting van die wet het. Die wet is nie regulasies waardeur onderhoriges in 'n bepaalde lewenspatroon ingedwing word nie, maar reeds in die Ou Testament was dit liefdesvoorskrifte wat God aan sy verloste volk gegee het; Godgegewe reëls van hoe 'n dankbare en verloste volk moes lewe. By die aanhoor van die wet kom 'n mens natuurlik altyd onder die indruk van hoe hy gefaal het om dankbaarheid te bewys en daarom is skuldbelydenis altyd 'n logiese gevolg van die aanhoor van die wet.

Sou mens 'n beskouing van die wet hê soos die Fariseërs, naamlik dat die wet die reëls is waardeur die mens kan presteer om in 'die hemel' te kom, dan sou dit geen plek hê in die erediens of in 'n gelowige se lewe nie. Jesus het egter self gesê dat Hy nie gekom het om die wet ongeldig te maak nie, maar om volle betekenis daaraan te gee (Matt 5:17). Uit Matt 5:12-19 blyk dit baie duidelik dat die wet

Godgegewe liefdesvoorskrifte is waarvolgens 'n gelowige as verloste sondaar gaan lewe tot eer van God en uit dankbaarheid vir sy verlossing.

Op grond van twee redes het die wet 'n besliste plek binne die erediens;

* Uit die wet leer die mens sy sonde ken. Enige mens wat sy lewe aan die eise van die wet toets, moet tot die gevolgtrekking kom dat hy gereeld oortree en sondig. In dié geval moet die wet vroeg in die erediens gelees word want die mens wat in die erediens met God in ontmoeting getree het moet baie gou besef hoe skuldig hy voor die Heilige God staan.

Hierna sal die skuldbelydenis en genadeverkondiging volg. (Sien erediensordes D-K Diensboek 1987: 38-53).

* Die wet dien as reël vir dankbaarheid

Wanneer 'n mens in die prediking en die genadeverkondiging hoor van God se verlossing van die mens, dwing dit jou tot dankbaarheid. Die wet is die riglyn vir wat van 'n dankbare mens verwag word. In dié geval word die wet na die prediking, genadeverkondiging en geloofsbelydenis geplaas, met ander woorde redelik naby aan die einde van die erediens sodat die lidmaat kennis kry hoe hy moet gaan lewe nadat hy die erediens verlaat het. (Sien erediensordes A-C, Diensboek 1987: 32-37).

Skuldbelydenis

Die drie elemente naamlik die wet, die skuldbelydenis en die genadeverkondiging vertoon 'n sterk onderlinge samehang. Soos reeds gesê, kan die mens wat die wet aangehoor het, nie anders nie as om in te sien dat hy gefaal het om dankbaarheid aan God te bewys en daarom bely hy sy skuld voor God. Dit is ook eg Bybels dat die gelowige sy skuld sal bely. (vgl Jos 7:19; 2 Sam 12; Ps 51; Jk 5:16).

Die erediens is 'n gesprek tussen God en sy gemeente. Voordat die mens in gesprek met God kan tree, is dit nodig dat hy so sy skuld bely. Daarom dat die skuldbelydenis reeds vroeg in die erediens sy plek het.

Die skuldbelydenis kan op verskillende plekke in die erediens geplaas word.

* Wanneer die wet op so 'n plek in die erediens geplaas word dat die gemeente hulle sonde uit die wet leer ken is die mees vanselfsprekende plek vir die skuldbelydenis na die aanhoor van die wet. (vgl Rom 7:7). Hier word gewoonlik 'n gepaste Psalm of Gesang gesing as skuldbelydenis. Die ouderling kan ook 'n Bybelvers voorlees waarmee die gemeente saam met hom hulle skuld bely. (vgl Diensboek 1987:52).
* Dit kan ook tussen die Skriflesing en die prediking gevoeg word, of alreeds voor die Skriflesing. In dié geval vorm dit deel van die gebed

voor die Skriflesing of voor die prediking. Die prediking wat hierna volg, kan dan met reg gesien word as die genadeverkondiging. By hierdie diensorde kom die skuldbelydenis nie na die wet nie, want hier dien die wet as rëël vir dankbaarheid en staan dit hier voor die Skriflesing of die prediking omdat die mens eers sy skuld moet bely voordat hy dit durf waag om na die verhewe Woord van God te luister. (vgl Diensboek 1987: 16-18). Die skuldbelydenis kan ook in die gebed opgeneem word of gesing word soos by begrafnisse en huwelike. Daar kan ook van gepaste Skrifgedeeltes gebruikgemaak word. Dit is goed as die gedeeltes wat uit die Bybel gelees word en die gesange wat gesing word afgewissel kan word.

Genadeverkondiging

Teoloë het nog altyd verskil oor die vraag of die genadeverkondiging 'n aparte element in die erediensorde moet vorm omdat die prediking self tog die verkondiging van genade is. Hierdie argument gaan egter nie op nie want die hele erediens staan in die teken van die genade, selfs die groet aan die begin en die aanhef van die wet het 'genade-elemente'. 'Genade en vrede ....' 'Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte uit die plek van slawerny bevry het.' Die genade-verkondiging word dus telkens herhaal en daarom is dit nie onvanpas na die skuldbelydenis nie. Dit is nie net teologies korrek nie, maar psigologies noodsaaklik aangesien verterende skuldgevoelens hanteer word. God folter nie mense deur die wet aan hulle voor te hou nie. Hy wys hulle net op hulle afhanklikheid van Hom en deur die genadeverkondiging toon Hy dat Hy altyd tot beskikking van sy afhanklike kinders is.

Die genadeverkondiging kan ook op verskillende plekke in die erediens geplaas word:

* Na die skuldbelydenis, as die wet in die eerste deel van die erediens geplaas word.
* Na die prediking en voor die geloofsbelydenis, as die wet aan die einde van die erediens gelees word. Waar die skuldbelydenis na die wet voorkom of voor die Skriflesing of prediking, kom die genadeverkondiging altyd voor die geloofsbelydenis. Wanneer daar genade aan 'n mens verkondig word, behoort die logiese gevolg te wees dat hy sy geloof in hierdie genadige God sal bely.

Elke gelowige behoort só by die genadeverkondiging betrokke te wees dat hy daarna nie passief durf bly nie. Hy moet die genade van God hoor, dit aanvaar en uit dankbaarheid tot eer van God gaan leef.

Om menslike willekeur uit te skakel (dit is tog God se genade wat verkondig word) en om nie stereotiep te raak nie moet hier ook afwisselend van Skrifwoorde gebruik gemaak word. Rom 10:9 & 10; Ps 103:8; Rom 3:26; Ef 2:8; 1 Joh 2:1; Gal 3:11; Gal 3:13; pas hier baie goed in.

Geloofsbelydenis

Die hele bybel roep die gelowige op tot belydenis van geloof. Aangesien die erediens die plek is waar 'n mens deur die prediking en sakramente die geloof ontvang, is die erediens ook die plek waar daardie geloof bely moet word.

In die geloofsbelydenis word die geloof in die drie-enige God, soos Hy Hom deur sy Woord geopenbaar het, bely. Geloofsbelydenis is nie menslike willekeur of spitsvondigheid nie, maar dit is om na te sê wat God reeds oor Homself gesê het. Die mens ken God nie uit homself nie en daarom kan hy God alleen bely soos Hy Homself aan die mens bekend gemaak het. Daarom moet die geloofsbelydenis gebaseer wees op Skrifwaarhede en nie op menslike denkbeelde nie. Die geloofsbelydenis kan 'n vaste geformuleerde belydenis wees soos die Apostoliese - en Niceense belydenisse wat ons tans gebruik. Sekere Psalms & Gesange kan ook gebruik word. Die geloofsbelydenis kan ook op verskeie plekke in die erediens geplaas word:

* Die mees logiese plek is na die Woordbediening of verkondiging. Daarom word die geloofsbelydenis altyd na die genadeverkondiging gedoen, dit wil sê of aan die begin van die erediens net na die wet, die skuldbelydenis en die genadeverkondiging (Diensboek 1987: 38-53), of aan die einde net voor die wet (Diensboek 1987: 32-36).

Skriflesing

Die lees van die Skrifte (Bybel) is van die vroegste tye af deel van die erediens. Selfs in die Joodse sinagoge is daar alreeds erns daarmee gemaak. Jesus het byvoorbeeld in die sinagoge uit die profeet Jesaja gelees en daarna het hy daaruit gepreek. Daar was dus ook 'n noue samehang tussen Skriflesing en prediking. Hierdie gebruik het in die vroeë Christendom en ook in die Reformasie bly voortleef. Die samehang wat daar bestaan tussen Skriflesing en prediking is daaringeleë dat die prediking baie nou aansluit by die Skriflesing - in die prediking word die Skrifgedeelte wat gelees is, uitgelê en toegepas.

Behalwe die direkte opdrag dat die Skrifte ondersoek moet word, gee Paulus ook die opdrag dat sy briewe aan die gemeente voorgelees moet word. As ons daaraan dink dat die erediens dié plek is waar God met sy gemeente praat en Homself aan hulle bekend maak, dan is dit seker duidelik dat Skriflesing in elke erediens onontbeerlik is.

In die Nederduitsch Hervormde Kerk doen die predikant normaalweg die Skriflesing ter wille van eenheid en ordelikheid in die erediens. Dit sou egter nie verkeerd wees as 'n ouderling of diaken die Skriflesing behartig nie, mits dit net ordelik geskied.

In die geskiedenis het dit byvoorbeeld voorgekom dat 'n ouderling (voorleser) uit die briewe gelees het en 'n diaken uit die Evangelies.

Hoewel daar 'n noue samehang bestaan tussen Skriflesing en prediking, is die Skriflesing tog 'n selfstandige element van die erediens. Die Skrif moet so hanteer word dat dit op 'n deurlopende wyse deurgewerk word.

Daar moet altyd gewaarsku word dat nie net geliefkoosde gedeeltes uit die Bybel gelees word nie en die eenheid tussen Ou- en Nuwe Testament moet altyd gehandhaaf word.

Omdat die Woordverkondiging sentraal staan in die Protestantse erediens en omdat God se Woord altyd die mens se woord voorafgaan, is dit nodig dat die Skriflesing so na as moontlik aan die begin van die erediens geplaas word. Aangesien die prediking altyd vanuit die Skrif moet wees, is dit noodsaaklik dat die Skriflesing voor die prediking sal plaasvind. Die bes moontlike posisies vir die Skriflesing is na die geloofsbelydenis en sang (Diensboek 1987: Orde D: 39). direk na die lofsang, (Diensboek 1987: Orde A:32) of na die eerste gebed. (Diensboek 1987: Orde B:34) Al drie hierdie plasings laat reg geskied aan die kommunikatiewe karakter van die erediens: God praat, die gemeente antwoord, God praat, die gemeente antwoord ....

Prediking

Die doel van die prediking is om te verkondig dat mense hulle tot God moet bekeer omdat hulle met Hom versoen is deur Jesus Christus en om alle dwalinge en ketterye wat in stryd met die Bybel is, te weerlê. Kort gestel: Prediking is om deur middel van uitleg en toepassing van die Skrif mense se geloof in die drie-enige God te stig en te bou. Omdat dit in die erediens gaan om die diens wat tot eer van God verrig word, is dit noodsaaklik dat die prediking 'n sentrale plek in die erediens sal inneem. Want net gelowiges kan aan God die eer bring wat Hom toekom en die geloof kom juis deur die prediking (vgl Rom 10:17).

In die prediking word 'n bepaalde Bybelteks of -perikoop uitgelê en toegepas. Daar word gesê wat die bedoeling van die oorspronklike outeur met hierdie bepaalde gedeelte was en dit word aktueel van toepassing gemaak op die konkrete lewenssituasie van die teenswoordige hoorder.

Soos 'n bepaalde Bybelgedeelte die oorspronklike hoorder opgeroep, gebou en gesterk het in sy geloof binne sy situasie, so doen die prediking dit vir die teenswoordige hoorder. Gebondenheid aan die oorsponklike bedoeling van die Bybel sonder om die konkrete lewensituasie uit die oog te verloor, is dus die sleutelwoord.

Gebed

Die gebed se aard en vorm kan verskil. Dit kan lofprysing, danksegging, smeekbede, voorbede, skuldbelydenis, geloofsbelydenis, ensovoorts wees.

Deur die geskiedenis het die kerk nog altyd in hooftrekke die volgende vyf gebedsvorme gehad:

* Gebed om verligting. Dit is die gebed waarin elke gemeentelid (stilgebed voor die diens), die ouderling in die konsistorie (konsistoriegebed) en die predikant self (voor die Skriflesing of tussen Skriflesing en prediking) bid dat die Heilige Gees hulle sal verlig om die Woord te verstaan en die regte gesindheid sal bewerk om dit ter harte te neem. Dit is 'n onmisbare voorwaarde tot wesenlike deelname aan die erediens.
* Gebed vir alle nood. Dit is die gebed waarin vir alle nood gebid word en ook vir die daaglikse behoeftes.
* Gebed vir die owerheid. Die owerheid is 'n dienskneg van God en het die gebede van sy onderdane nodig.
* Skuld- en geloofsbelydenis. Dit vorm 'n deel van die gebed indien dit nie reeds as aparte elemente hanteer is nie.
* Lofprysing en dankgebed. Dit is noodsaaklik omdat al die lof en dank aan God toekom.

Hierdie is nie afsonderlike gebede nie, maar is elemente wat in een gebed ingewerk kan word behalwe die eerste een naamlik die gebed om verligting (verlig is van die woord lig afgelei met die betekenis van verstaanbaar maak). Tradisioneel is die eerste gebed 'n lang gebed en die tweede slegs 'n kort dankgebed. Histories wil dit tog voorkom of die eerste gebed die kort gebed was en die laaste gebed die 'lang' gebed.

In verskillende kerke tref mens verskillende gebedshoudings aan, naamlik kniel, sit en staan. Vir die een persoon is die kniel-houding die mees eerbiedige, vir

'n ander weer die sithouding, ensovoorts. Geen een van die drie houdings kan as die enigste regte houding beskou word nie. Sekere Psalms en Gesange kan ook as gebede gebruik word.

Interessant is die feit dat die kniel-houding eintlik sy oorsprong uit die heidendom ontleen het. Die heiden wat voor die afgodsbeeld gekniel het, het dit gedoen omdat hy 'gekoes' het vir die 'glans' wat hy geglo het van die godheid uitgestraal het en wat hom sou dood indien dit hom tref.

In sommige kerke het gemeentelede die gewoonte om almal 'amen' te sê nadat die predikant 'amen' gesê het. In die Nederduitsch Hervormde Kerk word dit onnodig geag omdat die sang van die gemeente na die gebed gesien word as die 'amen' of die bevestiging van die gemeente.

Seën

Aan die einde van die erediens word die seën uit Num 6:24-26 of 2 Kor 13:13 uitgespreek.

Die Bybelse gebruik van handoplegging was altyd bedoel as 'n mededeling van seën. Die doel van die seën is om aan die gelowiges die versekering te gee dat God saam met hulle die wêreld ingaan en dat Hy dit wat in die erediens met hulle gebeur het (geloof ontvang) in die wêreld wil voortsit. Vir mense wat nie glo nie,het die seën geen betekenis of gesag nie. Die seën moet biddend en belydend uitgespreek en ontvang word. Die predikant is by die seën niks anders as die draer van die Goddelike Woord nie - hy deel nie die seën uit nie, maar spreek dit uit omdat God hom geroep het om dit namens Hom te doen.

Stilgebed

Na die uitspreek van die seën gaan sit almal en doen 'n stil dankgebed. Die orrelis moet hiermee rekening hou.

Dankoffers

Daar bestaan goeie Bybelse gronde vir die gee van dankoffers rondom die erediens. Omdat God in die erediens praat, moet die gemeente daarop antwoord - nie net met woorde nie, maar ook met die daad. Dit wat in die erediens gesê word, sentreer rondom God se daad, sy gawe, sy Seun wat Hy vir ons gegee het. Die beste plek vir hierdie antwoord is direk na die afsluiting van die erediens. Dit is sinvol omdat dit die eerste vrug is van die ontmoeting tussen God en sy gemeente. Omdat die gemeente in die erediens die grootste gawe van God ontvang het, is die

eerste saak waaraan hulle aandag gee as hulle die wêreld betree om ook dankbaarheid te bewys. Dit doen hulle deur die gee van 'n dankoffer op die drumpel tussen kerk en wêreld.

In sommige kerke word die dankoffer tydens die erediens opgeneem. Dit word gesien as die antwoord van die gemeente op die Skriflesing of die prediking.

Omdat die gee van dankoffers in noue verband staan met die barmhartigheidsdiens wat die gevolg is van alle verkondiging in die erediens en omdat die barmhartigheidsdiens in die wêreld vir die wêreld gedoen word, daarom is die gee van dankoffers op die drumpel tussen kerk en wêreld die mees sinvolle plek. Christus het ook sy barmhartigheidsdiens gaan verrig nadat Hy op die Sabbat uit die tempel uitgekom het.

Afkondigings

Die afkondigings word indien moontlik op skrif gestel en voor of na die erediens beskikbaar gestel. Dit word gedoen om nie die 'atmosfeer' wat in die erediens geheers het en wat deur die naspel bevestig behoort te word, te versteur nie. Dit wat ons op die drumpel van die kerk doen, is slegs die begin van ons dankbaarheidsdiens. Die werklike dankoffer kom wanneer die gelowige sy hele lewe as 'n dankoffer in God se diens in die wêreld gaan stel. Die werklike diens tot eer van God begin eers as die gelowige die kerkdeur uitstap. Dan gaan hy die res van die week tot eer van God leef. Dit kry gestalte in sy huisgodsdiens, in sy verhoudinge met sy naaste en sy getuienis teenoor die hele wêreld.

Slot

Dit is belangrik dat ons sal insien, dat die erediens 'n 'kommunikasiege-gebeurtenis' is, 'n geleentheid waarby God en sy kinders met mekaar gesels. Hierdie eienskap van die erediens maak dit noodsaaklik dat almal wat hierby betrokke is noue voeling met mekaar behoort te hê. Gevoel of emosie mag nooit in die erediens oorheers nie, maar daarsonder is 'n erediens doods en ondeurleef.

Literatuurverwysings

De Wet, JI. Liturgiek, Diktaatlesing, UP 1974.

Diensboek, Kital. Pretoria, 1987.

Golterman, WF. Liturgiek. F Bohn, Haarlen, 1951.

Jonker, H. Liturche Orientatie, Zomer & Keunings, Wageningen.

Van der Leeu, G. Liturgiek, Callenbach, NV, sj.

Van der Merwe, DCS. Twintigste Eeuse Ligurgiese Vernuwing, Pro Rege, Potchefstroom. 1973.

Kontrolevrae

1. Waarmee begin die erediens amptelik?
2. Ons noem die erediens 'n ..... tussen God en sy gemeente as ons in aanmerking neem dat daar wedersyds gegroet word.
3. Wat sou u sê is die funksie van die gemeentesang in die erediens?
4. Wat doen God altyd as die gelowige sy skuld bely het?
5. Wat is altyd 'n logiese gevolg nadat God sy genade aan ons laat verkondig het?
6. Waarop moet 'n geloofsbelydenis altyd gebaseer word?
7. Waarom is die Skriflesing in elke erediens noodsaaklik?
8. Wat is prediking?
9. Waarvoor moet daar alles gebid word?
10. Wat is die doel van die seën aan die einde van die erediens?
11. Waarom plaas die Nederduitsch Hervormde Kerk die gee van dankoffers ná die erediens?

AFDELING 4

BESONDERE OF BUITENGEWONE EREDIENSTE

Inleiding

Die 'Kerkwet en Bepalings' maak in Bepaling 84 voorsiening vir die hou van buitengewone eredienste by belangrike gebeurtenisse in die lewe van die kerk, die staat en die volk. Hierdie dienste word 'buitengewoon' genoem vanweë die bykomende liturgiese handelinge wat normaalweg nie deel van die gewone Sondageredienste vorm nie.

Ons onderskei hoofsaaklik twee groepe buitengewone eredienste.

* Eredienste wat gewoonlik ook op 'n Sondagoggend of Sondagaand gehou word maar bykomende plegtighede bevat soos die bediening van die sakramente, bevestiging van ampsdraers en die aflegging van geloofsbelydenis met die gebruikmaking van toepaslike formuliere.
* Eredienste wat op ander dae van die week gehou word na gelang van bepaalde omstandighede soos begrafnisse, huweliksbevestigings, afskeid van Standerd 5 of Standerd 10 leerlinge, ensovoorts.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk se standpunt is dat in hierdie eredienste die algemene kenmerke van 'n erediens, naamlik dat dit uit twee hoofmomente bestaan: spreke en handelinge van God deur sy sigbare en onsigbare Woord en antwoord van die gemeente deur blydenis, gebed en sang, ook gestalte moet aanneem. Alles in die erediens en daarom ook die buitengewone erediens, wat nie hierdie karaktereienskappe dra nie, sal uit die erediens verwyder moet word.

Sang en Orrelspel

In die buitengewone erediens, net soos in die gewone erediens, staan die antwoord van die gemeente op die Woord van God prominent op die voorgrond. Naas die gebed is die sang die belangrikste vorm van die antwoord van die individuele lidmaat sowel as van die aanwesige gemeente. In reaksie op die Woord van God antwoord die gemeente biddend, blydend en dankend in die lied wat instemmend gesing word.

In die Psalm- en Gesangeboek wat tydens eredienste gebruik word, word naas die algemene liedere wat met die Bybelse inhoud en die kerklike jaar verband

hou, ook voorsiening gemaak vir spesifieke liedere vir gebruik tydens Doop, Nagmaal, bevestiging van ampsdraers en huwelike. Dit is die liturg of predikant se verantwoordelikheid om, saam met sy voorbereiding vir die erediens, psalms en gesange te kies wat met die Skriflesing, prediking en besondere geleentheid verband hou. Sodoende sal die element van antwoord deur die gemeente tot sy reg kom.

Besondere of Buitengewone eredienste

Aangesien buitengewone eredienste rondom bepaalde en besondere geleenthede gehou word, het elkeen van hierdie eredienste eie kenmerke, karaktertrekke. Hierdie besondere karakter van die erediens hou direk verband met die oorprong en die betekenis daarvan. Hierdie besondere karakter moet in gedagte gehou word sodat die antwoord van die gemeente in sang en lied daarby kan pas.

Die Doopdiens

Die gemeente wat die Woord van God aanvaar het en dit glo, word deur die sakrament van die doop tot die eiendomsvolk van God afgegrens. Met die doop word die merkteken, die onderskeidingsteken van die ryk van God, uitwendig op die kinders van die verbondsvolk aangebring. Daarmee word die genade en die beloftes van God oor hulle uitgeroep, terwyl hulle weer die verantwoordelikheid tot geloof en diens in die kerk en in die wêreld aanvaar. Aanvanklik is die verbondsouers primêr verantwoordelik vir die geloofsopvoeding van hulle kinders.

Kenmerkend van die doop is die water as teken van die bloed van Jesus Christus waardeur alle gelowiges van hulle sondes gereinig word. In die Nederduitsch Hervormde Kerk word die doop deur middel van die besprenkeling toegedien. Naas die besprenkeling is daar ook ander vorms van toediening wat in ander Christelike kerke gebruik word, naamlik onderdompeling en begieting. Omdat die hoeveelheid water as uitwendige saak in die Bybels-reformatoriese kringe nog nooit wesensbelangrik was nie, word die vorm van besprenkeling verkies. Die doop herinner steeds aan die verbondsliefde van God waarin die aanneming tot kinders van die Vader die afwassing van die sondes deur die bloed van Christus en die inwoning van die Heilige Gees, geteken en verseël word.

Die Nagmaaldiens

Die viering van die nagmaal is 'n offermaaltyd. Geen nuwe offer word gebring nie maar die brood en die wyn as tekens van liggaam en bloed van Christus wys heen na die volmaakte offer wat Hy eens en vir altyd aan die kruis gebring het. Die nagmaal

is 'n wesenlike element van die erediens wat op bepaalde tye deur die gelowige gemeente gevier word. In die nagmaalviering kom veral vier momente navore. Eerstens die oproep tot gebed en voorbereiding, tweedens die herinnering self wat deur die maaltyd voor oë geroep word, derdens die moment van verkondiging. In en met die maaltyd word die dood van die Here verkondig totdat hy kom. Vierdens is daar die moment van danksegging.

Aflegging van Geloofsbelydenis in die openbaar

Elke gelowige wat gedoop is, word kerklik deur sy verbondsouers en deur kategete wat daartoe bekwaam is en daarvoor aangewys is, onderrig. Hierdie onderrig of kategese het ten doel om die dopeling sy doop te leer verstaan deur die nodige kennis van die Woord van God te kry en op grond van dié kennis vertroue in die God van die Woord te hê. Dit alles loop uiteindelik uit op die openbare belydenis van geloof tydens 'n buitengewone erediens wat daarvoor bestem is. Tydens sodanige erediens kom mense na vore om te bevestig dat hulle erns maak met hulle doop. Daarmee verklaar hulle hul verbondenheid met die Woord en belydenisskrifte, hulle oortuiging van hulle verlossing deur Jesus Christus, hulle gewilligheid om in die diens van die Here in die kerk en sy koninkryk te staan en hulle bereidheid om hulle aan die opsig en die tug van die gemeente van die Here te onderwerp. Dit is 'n ernstige geleentheid waarin alle buitensporige gebare en optrede deur die liturg, asook onnodige swierigheid en oordoenery in die kleredrag van die belydendes vermy moet word.

Bevestigingsdiens

Die bevestiging van ampsdraers vind tydens 'n erediens plaas. Die liturgiese elemente tydens sodanige erediens bly dieselfde as tydens enige ander erediens met die byvoeging van die voorgeskrewe formulier/e. Ampsdraers word bevestig om in onderskeie ampte dienswerk te lewe. Die gesag agter die dienswerk is God self en die inhoud daarvan is die boodskap van versoening deur Jesus Chrsitus en die toerusting daarvoor word deur die Heilige Gees gegee.

Huweliksbevestiging

Die huwelik is 'n feestelike gebeurtenis. Die Bybel lewer genoegsame getuienis van die belangrikheid en die noodsaaklikheid van die huwelik as instelling van God.

Die huweliksdiens as liturgiese plegtigheid word nie alleen deur sy besondere verdragskarakter bepaal nie maar ook deur die dialogiese karakter van die erediens.

Man en vrou sluit tydens die erediens 'n ooreenkoms of 'n verbond met mekaar. Hierdie ooreenkoms verbind hulle tot wedersydse vertroue, liefde en getrouheid. Die huweliksdiens as liturgiese gebeure word verder gekenmerk deur die spreke van God en die antwoord van die aanwesige gelowiges. Huweliksdienste dra gewoonlik 'n baie sterk familie- en vriendskapskarakter en is daarom, alhoewel steeds 'n erediens, 'n geleentheidsdiens wat gewoonlik op 'n Saterdag of 'n ander weeksdag gehou word.

Die sang en musiek by huweliksdienste mag nooit humanisties-wêrelds wees nie. 'n Goeie reëling is dat die predikant, orreliste en die voornemende egpaar vooraf die orrelspel en liedere wat gesing sal word, bespreek.

Begrafnisdienste

Die begrafnisdiens is ook 'n erediens. Dit het egter ook 'n sterk en intense familie- en vriendskapkarakter. Dit beteken egter nie dat die gewone en gevestigde beginsels met betrekking tot die liturgie van die erediens losgelaat mag word nie. Die familie is 'n eie gemeenskap, maar dan tog ook weer deel van die gemeenskap van die heiliges, die Here se gemeente. Tydens begrafnisdienste moet die Woord van God sentraal staan en onnodige mensverheerliking moet vermy word.

Die gemeentesang by die begrafnisdiens moet verband hou met die perspektief van God se beskikking oor alle dinge, ook oor die lewe en die dood.

Kontrolevrae

1. Wat maak 'buitengewone eredienste' buitengewoon?
2. Noem al die buitengewone eredienste waarvan u weet?
3. Watter twee dinge staan in die buitengewone eredienste net soos in gewone eredienste prominent op die voorgrond?
4. Maak die Psalm en Gesangeboek voorsiening vir buitengewone eredienste?
5. Is daar tydens buitengewone eredienste groot afwykings met betrekking tot die liturgiese ordes wat vir gewone eredienste gebruik word?
6. Wat is die uitstaande karaktertrek van 'n begrafnisdiens?
7. Wie behoort voor 'n huweliksdiens saam te beraad oor die orrelspel en liedere tydens die huweliksbevestiging?
8. Wat dink u daarvan indien die liturg ouers na die doop van hulle kinders met 'n handdruk gelukwens?
9. Sou dit verkeerd wees indien die gemeente elke Sondag tydens die erediens nagmaal vier?
10. Wat is u mening oor solosang tydens buitengewone eredienste, soos byvoor beeld huweliksbevestiging?

AFDELING 5

BEGINSELS VIR DIE PROTESTANTSE KERKLIED

Die vraag na beginsels of norme vir die kerklied stel die kerk en elke gelowige of kommissie wat aan 'n nuwe liedboek begin werk, voor bykans onoorkomelike vrae en probleme, veral wat die musikale aspek van sodanige norme betref. Dáárvoor vind ons immers in die Skrif geen direkte aanduidinge nie. Daar kan hoogstens enkele afleidings gemaak word. Dit is waarom die Nederlanders met hulle Liedboek vir Kerke maar op die ou end met 'n algemene aanduiding volstaan het: om vir die gemeente gesonde, stylvolle melodieë aan te bied wat goed singbaar is en die teks van die lied dra.

WOORDINHOUD REEDS IN SKRIF GEGEE

Wat die woordinhoud van die kerlied betref, is die saak natuurlik baie makliker. Die inhoud is reeds in die Skrif gegee. Omdat daar steeds woelinge rondom die nuwe Afrikaanse psalm- en gesangboek voorkom, en omdat 'n nuwe beryming van die psalms aan die gang is, is dit tog sinvol om ook oor die woordinhoud van die kerklied te bly begin. Daaroor kortliks die volgende opmerkings.

Inhoudelik moet die kerklied Skriftuurlik wees. Dit moet gerig wees op die eer van God. In sy lied in die kerk in die eerste plek aan die groot dade van God en dan veral soos dit deur Jesus Christus se werk tot uitdrukking kom. Daarom sal die goeie kerklied altyd 'n sterk objektiewe karakter hê. Dit bly steeds 'n wesensonderskeid tussen die Reformatoriese en Piëtistiese Kerklied. Die Reformatoriese kerklied is, getuigend en blydend, gerig op die werk en die Woord van God. Die piëtistiese kerklied is ek-gerig, gerig op die eie geloofsbelewing. Maar die objektiwiteit van die kerklied mag nooit oordryf word asof daar nie ook wel 'n subjektiewe element aanwesig is nie. Dit gaan in die kerklied immers ook om die heil van die mense. Daarom moet dit ook wat sy woordinhoud betref, vir die gemeente begryplik wees. Die hinderlike oordrywing van die subjektiewe element in die kerklied kan voorkom word as die persoon van die enkeling slegs herkenbaar word binne die breër verband van die gemeente.

Verder moet die berymde kerklied die toets van literêre kritiek kan deurstaan. Die teks van die kerklied bevat nie maar 'n klomp rymelary nie. Dit is sterk, oordinkte, geloofsgeïnspireerde, digterlik-eenvoudige geloofsuitinge.

Paulus se bekende uitspraak in Kol 3 onderstreep belangrike sake in verband met die inhoud van die kerklied. Hy plaas sy uitspraak oor sang in die middel van 'n reeks uitsprake oor liefde, vergewing, vrede, dankbaarheid. Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in die gelowiges se lewe voorkom. Wys toiingrige kerksang op die feit dat die boodskap van Christus nie só in ons woon nie? Is dit nie miskien waar die gemis aan liefde, vrede, vergewing en dankbaarheid vandaan kom nie? Daar is inspirasie nodig om in die kerk te sing. Die vervulling met die Heilige Gees deur die ryk inwoning van die Woord van Christus laat die kerk sing.

MUSIKALE NORME MOEILIKER

Vra ons na musikale norme vir die kerklied, word die saak baie moeilik. Waarom beskou ons sommige melodieë as onwaardig, eenvoudig net nie geskik om in ons kerkboek opgeneem te word nie? Ons moet erken dat die kerlied uit die tyd van die Reformasie, wat die struktuur van die melodie en die verhouding van woord en toon betref, so 'n diepgrypende invloed uitgeoefen het op ons bewuste en onbewuste norm van wat 'n kerklied is, dat sekere liedere daarvolgens net nie toegelaat kan word nie.

Hier tree 'n sekere spanning in. Ons wil graag bly by wat ons liefhet uit die 16de eeu. Maar moet moderne tekse nie deur moderne melodieë gedra word nie? En die moderne musiekstyl is totaal vreemd aan wat ons liefhet uit die 16de eeu. Moderne musici kan beswaarlik nog melodieë skryf met dieselfde melodiese, ritmiese en tonale gegewens van vroeër.

Die RAAD VIR KERKMUSIEK van die Nederduitsch Hervormde Kerk het ook as deel van 'n rapport oor die troumars, 'n poging aangewend om tot 'n kort formulering oor kerkmusiek in die algemeen en die melodie van die kerklied in die besonder te kom. Dit lui, effens verkort, soos volg: Die kerkmusiek is vir die kerk, dus vir die lidmate van die kerk, en juis daarom sal dit groepsgebonde wees. Vir verskillende volkere in dieselfde tyd mag daar ander kriteria geld. Dit word bepaal deur kultuur en kerkhistoriese agtergronde. Die kerk en die kerklied neem kennis van die kultuur van sy tyd, maar gaan nie absoluut daarin op nie.

Dit hou rekening met kerkhistoriese agtergronde. Die voorskriftelike en gebruike sal van groep tot groep verskil. 'n Swart volk kan byvoorbeeld ander kriteria hê vir hulle kerkmusiek as 'n blanke volksgroep. 'n Mens sal dus nie binne 'n bepaalde kerkkultuur ander kriteria probeer vaslê as wat op daardie stadium vir die bepaalde groep geldend mag wees nie.

* Sodanige kriteria is tydgebonde

Kriteria wat geldend was in vorige tye, hoef nie noodwendig byvoorbeeld met die kriteria vir die 20ste eeu ooreen te stem nie. Op 'n stadium in die geskiedenis was die kriterium in elk geval - **dat daar** geen musiek in die kerk **moet wees nie**. Dit kan selfs binne 'n dekade verskil. Neem maar as voorbeeld die sing van sommige gesangwysies in die Hervormde Kerk, wat enkele jare gelede haas ondenkbaar was. Nou word dit gesing. 'n Stuk musiek kan ook mettertyd ingeburger raak as kerkmusiek. Dink maar aan vroeëre volkswysies wat vandag psalm- en gesangmelodieë is, soos Gesang 217.

* Sodanige kriteria het 'n subjektiewe element

Individuele subjektiewe gevoel behoort nie 'n rol te speel nie. Daar is egter wel 'n stemmingsgebondenheid. Die 'atmosfeer' onder 'n bepaalde omstandigheid of die stemming van 'n bepaalde groep sal 'n invloed hê. Bepaalde gebeure in die erediens sal die groep se subjektiewe behoeftes en oordele verder beïnvloed. Dit word in 'n rigting gestuur deur die teologiese en kerkhistoriese agtergronde. Daar is dus 'n subjektiewe element wat gebonde is aan die groep, die gebeure en die tyd.

* Met inagneming van bogenoemde die volgende

Die belangrikste kerkmusiek is seker dié musiek wat die woorde van die gemeente ondersteunend dra in die kerklied.

* Die Skrif en die Kerkmusiek.

Die Skrif sê vir ons iets wat die gedagte-inhoud en die gees van die kerklied betref. Die Skrif sê ook in indirekte sin iets oor die stemming. So word **ons** in Eks 15:21, 1 Kor 16:9, Ps 13:6; 104:33, Jer 20:13 opgeroep om tot eer van die Here te sing. In Hand 16:25 verneem ons dat lofliedere tot eer van God gesing is. En in Kol 3:16 word gesê: 'Sing in julle hart met dankbaarheid', wat seker ook van die hoorbare sang gesê kan word. Op verskeie plekke in die Bybel verneem ons ook van Klaagliedere (2 Sam 1:17, 2 Kor 35:25, Jer 9:20, Eseg 32:16, Amos 5:1, Miga 2:9, Matt 11:17, Luk 7:32 en ander plekke). Verder moet kerkmusiek die Woord ondersteun. Dit ondersteun die Woord deur die inhoud van die lied as antwoord van die gemeente te bevestig. Die stemming en 'emosie' (wat die Woord as antwoord vra) wat deur die musiek ondersteunend gedra word, bevestig die antwoord.

* Wat voor en na die erediens gespeel word, maak nie deel uit van die liturgie van die kerk nie. Wat tydens die liturgiese handeling gaan

gebeur of gebeur het, het besliste seggenskap oor wat daar rondom gebeur.

* Wie die komponis is of wat die oorsprong van 'n sekere stuk musiek is, hoef nie noodwendig te hinder nie. Wanneer daar egter assosiasie-hindernisse is wat die verhouding met God en/of die medemens vertroebel dan is die oorsprong natuurlik 'n belemmering.
* Ritme en melodie op sigself kan nie 'n melodie diskwalifiseer nie. Die interpretasie (vertolking) is baie belangrik en 'n verkeerde interpretasie (vertolking) of assosiasie kan diskwalifiserend werk. Dit kan verkeerde tempo, pousering of frasering wees.
* Dit is veral vir die lidmate van die kerk van belang waarmee die musiek geassosieer word. Indien assosiasie die kerk nie hinder nie, is die oorsprong van die musiek nie meer belangrik nie.
* Wat die kerklied as sodanig betref, is die singbaarheid daarvan noodsaaklik. Dit sou niks baat indien dit aan alle ander kriteria voldoen maar dit is nie singbaar nie.
* Kerkmusiek moet waardig wees. Wanneer daar van waardigheid sprake is, bedoel ons dat dit aan al bogenoemde kriteria-vereistes voldoen. Tot sover die Raad vir Kerkmusiek.

Prof JJA van der Walt van Potchefstroom het ook in sy werk oor die Afrikaanse psalmmelodieë bepaalde musikale kriteria vir die kerklied probeer vaslê. Hy doen dit veral in aansluiting by Calvyn. Prof van der Walt lê 'n paar riglyne neer wat nie sonder meer geïgnoreer kan word nie. Dit sal goed wees om van dié riglyne kennis te neem, juis nou dat daar hernude, verbete aandrang is om meer populêre, makliksingbare en oppervlakkige kerkliedere te aanvaar.

Prof van der Walt sê dat Calvyn se sobere gebruik van musiek nie op onkunde of antipatie berus het nie maar juis op 'n intieme kennis van die oorsprong en buitengewone krag van musiek en van die verdorwenheid van die mens. Die eis om woordhelderheid is op sy konsekwentste in die Geneefse musiek deurgevoer. Daar is afgesien van meerstemmigheid en in eenvoudige, objektiewe, sillabiese melodieë is getrag om, met behoud van die oortuigingskrag van die musiek, die groots moontlike woordhelderheid en - begrip te bevorder. Daar is in die Geneefse kerklied 'n krag en bewoënheid wat elders gemis word. Hierteenoor staan die oppervlakkigheid, subjektivisme, humanisties-geörienteerde musiek van die 19de eeu-met eintlik geen ander deug as dat dit maklik, lekker singbaar is nie.

Prof van der Walt probeer om die musikale norme wat aan die melodie gestel kan word, soos volg sam te vat:

- Die melodie moet daartoe dien om die gelowige se hart te laat ontvlam om God met 'n kragtiger en gloeiender ywer aan te roep. Dit beteken dat die artistieke gehalte van die melodie onberispelik moet wees, anders sal dit nie egte ontroering kan bewerkstellig nie.
- Die melodie moet dien om die woorde in die hart in te lei soos 'n tregter die wyn in 'n vat inlei. Dit beteken daar moet 'n innige band wees tussen die teks en die musiek.

Prof van der Walt stel 'n paar basiese eise waarvolgens hy die artistieke kwaliteit van die kerklied wil beoordeel. Musiek, sê hy, is geordende toonmateriaal. Die ordening is moontlik op grond daarvan dat die mens die tone kan waarneem as 'n verskeidenheid, as 'n eenheid en as 'n verskeidenheid in die eenheid. Die eenheid en verskeidenheid bestaan ten opsigte van die vier basiese eienskappe van klank, naamlik toonhoogte, toonduur, toonsterkte en toonkleur. Hoë tone en groepe tone veroorsaak spanning; lae tone en groep tone veroorsaak ontspanning.

Prof van der Walt se hartstog en ywer vir die Geneefse kerklied is bekroon met 'n ryke opname en herstel van die Geneefse melodieë in die Afrikaanse psalmbundel van 1978.

Samevattend wil ons sê dat die melodie van die kerklied 'n karaktervolle, spanningvolle samehang vorm van tone wat op die teks afgestem is en dit ondersteun. Wanneer teks en melodie so tot 'n eenheid saamgevoeg is, is dit so sterk dat dit vra om herhaal te word, keer op keer, strofe vir strofe. Teks en melodie kan, afsonderlik en gesamentlik, geheime bewaar wat hulle nie sommer meteens prysgee nie. Daarom moet daar steeds aan die kerklied gewerk word. Lekkersing mag nie die enigste eis wees nie! Intussen bly die een kerklied vir sommige 'n wonder. Ander het daarin 'n afkeur.

BEPALING IN KERKWET

Die skepping van 'n kerklied is nié maar 'n interessante stokperdjie nie. Dit kan ook nie binne 'n bepaalde tydsbestek afgejaag word nie. Dit is deurleefde, volhardende geloofsaktiwiteit. In hierdie verband is dit vir elkeen wat in die Nederduitsch Hervormde Kerk as orrelis diens verrig noodsaaklik om behoorlik kennis te neem van wat daar in Bepaling XII 4 van die Kerkwet staan: 'In die erediens word slegs die psalms en gesange gesing wat in die Psalm- en Gesangeboek van die Kerk voorkom'. Die Kerk aanvaar dat daar in die erediens Bybelse verskeidenheid kan

wees. Maar beslis nie menslike willekeur nie. Ons sing in die erediens wat deur die Kerk gekeur, georden en vir gebruik goedgekeur is. Daarom bepaal die kerk in sy Kerkwet dat daar uit die Psalm- en Gesangeboek gesing word en nie uit allerlei ander bundels nie. Ons sing die lied ook soos dit daar staan en nie sommer op enige ander willekeurige wyse of wysie nie.

Dat 'n bepaalde melodie by bepaalde woorde staan, is nie toevallig nie. 'n Kommissie, deur die kerk benoem, het met groot inspanning en koste jare gewerk om by elke psalm of gesang 'n geskikte melodie te vind of te skep; 'n melodie wat die woorde steun en dra. Geen predikant of orrelis mag goedsmoeds 'n streep daardeur trek deur sommer te besluit hierdie woorde sing beter op 'n ander melodie nie.

Dit bly 'n snaakse verskynsel dat ons verwag daar moet deur die predikant groot moeite met die prediking van die Woord gemaak word maar as dit by die lied, die antwoord van die gemeente kom, dan moet dit so goedkoop, populêr of oppervlakkig as moontlik daaraan toegaan.

OOR DIE HALLELUJA EN JEUGSANGBUNDEL

Uit wat vroeër reeds gesê is, is dit duidelik dat dit nie so eenvoudig is om in algemeen geldende musikale terme die onderskeid tussen kerkmusiek en ander (wêreldse) musiek aan te toon nie. Ook die musiek van die kerk is 'n saak van geloof. Al is dit nie moontlik om in presiese, omlynde terme die verskil tussen kerkmusiek en sekulêre musiek aan te toon nie, weet elke gelowige wanneer hy besig is om in die kerk te sing: Wat hier gesing word en soos wat hier gesing word, word nêrens elders in die wêreld gesing nie. Die kerk se musiek word gestempel en gekenmerk deur inhoud, sy doel en sy plek in die erediens. Dit is gerig op God en sy eer. Ons het hierbo toegegee dat daar in die kerklied ook 'n subjektiewe element is. In die kerklied spreek die gelowige soms individueel, meeste van die tyd egter as deel van die gemeente sy geloof en verwagting uit. In sy liedere bely die gelowige saam met die gemeente sy sonde. In sy liedere juig die kerk oor sy verlossing of hy klaag sy smart voor God uit.

Maar al is dit so dat daar in die kerklied ook 'n subjektiewe aspek is, dan weerspieël dit nog steeds die diepte, gewig en erns wat by die ontmoeting en gesprek tussen God en sy kerk pas. **Wêreldse musiek is daar om die mens te vermaak. Kerkmusiek is nie daarop uit om die mens te vermaak nie. Dit eer en dien God.**

In sy kerkliedere rig die kerk hom met sy geloof en kleingeloof, met sy vreugde en smart, met sy verwagtings en klagtes tot God. Daar vind hy troos. In die

godsdienstige gevoelsliedere wat tog so bekoorlik is vir baie, beleef ons miskien groot emosionele beroeringe. Maar ons bly sit met ons eie ellende. Vertroostend is dit nie.

Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk het, toe hy hierdie sake in 1986 weer 'n keer oorweeg het, besluit om nie negatiewe uitsprake oor ander kerke en hulle liederbundels te maak nie maar om liewer te volstaan met 'n positiewe oproep en besluit: Die kerk volstaan met die gebruik van sy huidige amptelike bundel. Die vergadering het geoordeel dat daar in die huidige psalm- en gesangbundel genoeg bruikbare liedere vir die erediens en ander kerklike byeenkomste is. Buitendien is die huidige bundel van die kerk nog nie naastenby volledig ontgin nie.

Dit is teen hierdie agtergrond dat daar in die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n afsydigheid bestaan ten opsigte van bundels soos die Halleluja en die Jeugsangbundel van die NG Kerk.

MODAAL OF KORAAL?

Die vraag of die Protestantse Kerke in Suid-Afrika modaalsang of koraalsang moet gebruik as draer van die Belydenis van die gelowiges, kan nie beantwoord word deur die bestudering van die oorspronklike Geneefse melodieë nie. Dit kan selfs betwyfel word of dit wel van belang is vir die kerke van die Reformasie om diep in te gaan op die oorspronklike melodiese en ritmiese gestalte van die liedere wat Calvyn vir die 16de eeuse gelowiges gegee het.

Tydens die hersieningswerk aan die Afrikaanse Psalm- en Gesangbundel wat in 1978 in gebruik geneem is, het die kwessie van modale of korale kerksang telkens sterk op die voorgrond getree. Tydens die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1967 het 'n memorandum van die Raad vir Kerkmusiek, opgestel deur mnr Willem Mathlener, voor die vergadering gedien waarin aan dié kwessie aandag gegee is. Omdat dié stuk ook interessante grepe uit die geskiedenis en ontwikkeling van die protestantse kerklied bied, is dit goed om kortliks van die inhoud daarvan kennis te neem.

Die Hervorming kan gereken word onder Renaissanceverskynsels van die 16de eeu, waarin die mensheid in die algemeen en op alle terreine gesoek het na vernuwing. Die mens het homself ontdek en begin om homself los te maak van die gemeenskap. Hy aanvaar nie meer alles wat vir hom gesê word om te glo of te doen nie maar wil self dink en besluit wat om te doen. Terwyl die Roomse Kerk tot op dié stadium die mens se geloofs- sowel as sy sosiale lewe tot in 'n groot mate beheer het, wil die mensheid nou self soek na die werklike beheerser van sy lewe.

Calvyn, Luther en Zwingli het, net soos al hulle tydgenote, groot geword en is opgevoed in 'n wêreld wat deur die Rooms-Katolieke Kerk beheers is. Dit was dus vanselfsprekend dat hulle as priesters onwillekeurig die klanke van die Roomse Kerkmusiek as normale musiekklanke aanvaar het en dat hulle die modale melodieë amper vanselfsprekend as kerklik en waardig aanvaar het. Ook hulle musikale helpers soos Louis Bourgeois en Johann Walther was musikaal in die Rooms-Katolieke Kerk gevorm en dit kan verstaan word dat hulle as musici die modale klankvorming as kerklik aangevoel het.

Dit kan dan ook wel aanvaar word dat die melodieë wat Calvyn op voorstel van Bourgeois en later Maitre Pierre aanvaar het, vir die mense van sy tyd nie moeilik singbaar was nie omdat hulle ook opgevoed was onder die klanke van die Roomse Kerkmusiek. Eintlik was dit in daardie dae amper die enigste soort begeleide of georganiseerde musiek waarmee die mense kennis gemaak het. Natuurlik was daar ook volksliedere wat die mense in huis en op straat gesing het en Calvyn het ook van hulle gebruik, maar hulle moes eers met sort en eerbied vir 'n Tweede punt van belang is dat in die ontwikkeling van die musiek alreeds vóór die Hervorming en veral in Italië Renaissanceneiginge aanwesig was. Een van daardie erkende neiginge was byvoorbeeld die uitbreiding van die toonsoorte met Aeolies en Ionies wat deur Glarenus in 1547 in sy Dodekachordon reeds onder die erkende toonsoorte genoem word, terwyl Guiseppe Zarline reeds in 1558 in sy Instituzioni harmoiche verklaar dat daar eintlik net van twee toongeslagte sprake kan wees en wel majeur en mineur. (Hy noem dit nog Ionies en Aeolies).

Maar ook die ander kerktoonaarde het lankal veranderinge ondergaan, terwyl daar deeglik van sommige verhoginge en verlaginge gebruikgemaak is wat deur die historici aangedui is met die uitdrukking: musica falsa (foutiewe musiek).

In werklikheid moet ons dus in veel opsigte gis oor hoe 'n bepaalde melodie gesing is en vandag nog spreek die geleerdes mekaar voortdurend in hierdie opsig teë. Nóg vir die een nóg vir die ander mening is werklike bewyse te vind.

As derde punt moet ons die vraag stel in hoeverre die kerklike publiek in die tyd van die Hervorming alreeds daaraan gewoond was om oorwegend in majeur of mineur te sing, as een van die grootste teoretici van daardie tyd (Zarlino) reeds in 1558 konstateer dat daar eintlik maar net van majeur of mineur sprake kan wees.

Maar 'n vierde en uiters belangrike vraag is in hoeverre die toenemende gebruik van begeleidende instrumente die modale sang beïnvloed het. Dit is 'n feit dat die modale sang 'n eenstemmige onbegeleide kunsvorm was wat in die Roomse Kerk ontwikkel het ter ere van die heilige Drie-eenheid in driedelige maat, soos

trochaeus, jambe, dactylus ensovoorts. Dit het ontwikkel tot 'n spesifieke karakteristiek van die Roomse Kerkmusiek wat tot vandag toe nog dié kenmerk is van daardie Kerk en slegs daar voortleef.

Terwyl ons egter die modale ritme oordink, moet ons ook die vraag stel of die melodieë wat deur Bourgeois in die helfte van die 16de eeu vir die kerk geskik gemaak is ook inderdaad oorspronklik modaal was. Kan dit miskien ook wees dat Bourgeois die alreeds lank bestaande volkswysies opsetlik in 'n bepaalde modus oorgesit het om hulle daarmee 'n meer kerklike karakter te gee? Was dit nie vanselfsprekend nie dat Bourgeois, as 'n opgeleide en ervare Roomse musikus, ondanks die Hervorming maar net een kerklike uitdrukkingsmiddel en karakter geken het en wel dié van die Roomse Kerk? Kan ons verwag dat Bourgeois alreeds enkele jare na die Hervorming in staat gewees het om 'n nuwe karakter aan die musiek van die Protestantse Kerke te gee? Is dit werklik so dat die Protestantse Kerke van die 20ste eeu moet terugkeer na 'n karakteristiek wat deur 'n Rooms-opgevoede musikus onmiddellik na die Hervorming aan reeds bestaande volksliedere gegee is?

Of moet ons aanvaar dat net die Rooms-Katolieke Kerk na eeue 'n karakteristieke kerkmusiek kon ontwikkel en die vier eeue waarin Protestants-opgevoede musici musiek ten dienste van die kerke van die Hervorming gelewer het, waardeloos is?

Die geskiedenis het bewys dat pas teen die einde van die 16de eeu die verlange van die kerkvolk om self te sing, sterk word. Daaruit sou ons dus kan aflei dat die gemeentesang direk na die Hervorming, ondanks alle pogings, tog nie so 'n groot sukses was nie. 'n Feit is egter wel dat in daardie tyd vir die eerste keer musici wat 'n Protestantse opvoeding gehad het, selfstandig begin om melodieë vir die Protestantse Kerk te skep. Dat hulle nog soek na nuwe vorme en nog baie onder die invloed verkeer van die groot skeppings vir die Rooms-Katolieke eredienste kan uit 'n menigte voorbeelde bewys word.

Ons wys slegs op 'n paar en as eerste die melodie van Phillipp Nicolai (1559) op: 'Wie schón leuchtet der Morgenstern' getoonset deur Michael Pretorius (1610).

Die bekende Luther-melodie op: 'ein Feste Burg ist unser Gott' (1529) word deur Johann Eccard in 1598 getoonset in 'n heeltemal ander gestalte as Hans Leo Haszler in 1608 terwyl JS Bach (1685-1750) die karakter totaal verander.

Moet ons nie juis uit voorbeelde soos byvoorbeeld Luther se melodie 'Vom Himmel doch da komm ich her' wat in 1597 deur Johann Eccard en in 1608 deur Hans Leo Haszler bewerk is, die bewys vind dat die Protestantse kerklike musici

besig was om te ontwikkel tot 'n eie stylbewustheid wat ten slotte sy vervolmaking vind by Johann Sebastian Bach (1685-1750) nie?

Dit is waar dat Goudimel by sy bewerkinge wel die Geneefse melodievorming en ritme oorneem, maar hy het dit gedoen omstreek 1565, in die tydperk toe dit nog gewoonte was om die koor te laat saamsing en die melodie in die tenoor te lê. Maar dit is ook waar dat hoewel Calvyn oorspronklik nie die orrel wou laat gebruik nie hy tog later daarvan gebruik maak, en, soos ons uit die geskiedenis leer, pas daarna, dus teen die einde van die 16de eeu, die gemeentes meer die behoefte begin voel om saam te sing. Is dit miskien te danke aan:

* die feit dat die orrels help en die orreliste daardeur tot die ontdekking kom dat die gemeentes moeilikheid met die toonaarde en ritmes het?
* dat daar toe vir die eerste keer pogings aangewend word om koraalharmonisasie ten dienste van orreliste by die praktiese gebruik by eredienste saam te stel en protestantse musici vir die eerste keer die noodsaak voel om weë te soek om die gelowiges op die eenvoudigste manier te laat saamsing?

Mag ons nie met trots en dankbaarheid erken nie dat juis die grootste komponis van alle tye 'n Protestant was wat sy hele lewe daaraan gewy het om sy skepper eer te bewys met die volledige oorgawe van sy fenomenale genie? Mag ons nie in Bach se bewerkinge van Korale die Protestantse Kerkmusiekstyl herken net soos ons van Palestrina erken dat hy daarin geslaag het om die werklikheid van die Roomse geloofsgemeenskap in klank uit te beeld nie?

Is dit nie opvallend nie dat as Bach in sy monumentale Mattheus Passion as afsluiting van sy eerste deel die bekende melodie van Psalm 36 en 68 'O Mensch, bewein dein sônde gross', in die eerste en vierde melodielyn nie die verhoging van Bourgeois (Greitter 1525) gebruik nie, terwyl hy dit wel doen in die tweede en vyfde melodiereël? Maar in sy koraalharmonisasies (wat dus vir die gebruik by die eredienste bedoel was) gebruik hy in albei gevalle die verhoging terwyl hy ook by sy koraalvoorspele die verhoginge gebruik.

In Nederland is in die meeste groot stede tot in die begin van die 17de eeu in die Protestantse eredienste gebruik gemaak van Roomse orreliste. Jan Pieterszoon Sweelinck was byvoorbeeld van 1580 tot 1620 orrelis van die Oude Kerk te Amsterdam, terwyl ook in die St Laurenskerk te Rotterdam eers in die begin van die 17de eeu 'n Protestant orrelis geword het. Kan ons verwag dat onder hierdie omstandighede, met 'n voorbeeld van 'n beroemde man soos Sweelinck, 'n eie Protestantse kerkmusiek kon ontwikkel? Temeer as ons onthou dat die opleiding

van orreliste in Wes-Europa baie sterk onder invloed gestaan het van Sweelinck en Frescobaldi (1583=1643), wat beide Rooms opgevoed was? Hoewel Sweelinck konserwatief vasgehou het aan die ou modi, is juis van Frescobaldi bekend dat hy probeer om die gebruik van die modi te bestry en dit bereik deur die oorspronklike Cantus Firmus op sommige plekke 'n halwe toon te verhoog en daardeur weg te breek van die Gregoriaanse karakter. Moet ons nie juis hieruit die gevolgrrekking maak dat in die begin van die 17de eeu die toestand van psalmsang in Nederland (en in heel Wes-Europa) maar taamlik verwar was nie?

Ons kan aanvaar dat uit die musiek van die Middeleeue die spieëlbeeld van die geestelike instelling van die mensheid gereflekteer word. Hierdie spieëlbeeld word deur die musiek van Palestrina in die grootste volmaaktheid weergegee. Maar saam met die Renaissance het die Hervorming 'n nuwe geestelike agtergrond vir die mensheid gebring waarvan die spieëlbeeld tot klank gebring is deur die musiek van Johann Sebastian Bach wat die musiek nog een keer teruggee aan sy Skepper.

Luther en Calvyn het die Woord lewend gemaak en onder ons laat woon. Mag ons nie met dankbare erkenning aanvaar dat Bach die lied van die gemeente lewend gemaak het en onder ons Protestante laat woon het nie?

Met hierdie oorwegings voor ons moet die Protestantse Kerke van Suid-Afrika besluit of vasgehou moet word aan die Geneefse melodieë soos gebruik in 'n tyd waarin die Roomse invloed nog 'n diep stempel gedruk het op die doen en late van die mensheid, en of die karakter wat die oortuigde Protestant, Bach, aan die kerklied gegee het as norm aanvaar moet word.

Bach het die eenvoudige kerklied so eenvoudig en maklik singbaar as moontlik gemaak en die tyd het bewys dat die mensheid van al die eeue tot vandag toe die melodievoering van Bach in die Korale maklik saamsing en met groot ontroering kan beluister. Maar Bach het die kerklied as gelowige, daartoe in staat gestel deur sy meesterskap, innerlike waarde gegee.

Op grond van hierdie oorweginge kan nie tot 'n ander slotsom gekom word nie as dat modaalsang die karakteristiek is van die Rooms-Katolieke kerk. Tot sover Mathlener.

Dit bly 'n feit dat van die skoonste, onsterflikste, bruikbaarste kerkliedere wat ons het, Geneefs is. Aan die ander kant is alle melodieë wat Geneefs is, nie om die rede goed en onvervangbaar nie. Die vraag is dus nie wat Geneefs is of wat nie, maar wat waardig en paslik vir ons erediens is.

Kontrolevrae

1. In watter mate moet daar met estetiese oorwegings rekening gehou word in die skepping van 'n kerklied?
2. Is dit ook nodig om met die gemeente se bevattingsvermoë, dus met die sing baarheid van 'n melodie rekening te hou?
3. Noem enkele norme waaraan die woordinhoud van 'n kerklied moet voldoen.
4. Wat sou u sê is wesenlike verskille tussen die Roomse en die Gereformeerde kerklied?
5. Waarom gaan dit in die eerste plek in die goeie Protestantse kerklied?
6. Noem en ontleed kortliks twee van Paulus se uitsprake oor die sang van die gemeente.
7. Wat word bedoel met subjektiwiteit en objektiwiteit in die kerklied?
8. Waar kom die regte inspirasie om in die kerk te sing vandaan?
9. Wat is die regte verhouding van die kerklied tot die kultuur van sy tyd?
10. Waarom meen u is daar in die Ned Hervormde Kerk 'n gereserveerdheid ten opsigte van liedere uit bundels soos die Halleluja en die Ned Gereformeerde Kerk se jeugsangbundel?

AFDELING 6

GEMEENTESANG EN BEGELEIDING

1. Wat is Gemeentesang

Gemeentesang is die heerlike voorreg wat die gemeente het om deel te neem aan die erediens en om met God te kommunikeer. Hierdie heerlike voorreg is nie 'n eiewillige of vrywillige genieting van die mens nie, maar dit is 'n geleentheid wat God bepaal het sodat 'n erediens tot sy eer kan plaasvind. God bepaal, deur sy Gees, hierdie erediens; hierdie ontmoetingsgeleentheid met Sy gemeente. Die erediens is die regstreekse gevolg van God se besorgdheid oor die mens. Hy laat nooit Sy kinders alleen nie, maar wil altyd naby wees. Hy wil met sy gemeente praat - Hy wil hoor van hul vreugde, onvermoëns, klagtes, moeilikhede en oortredings; Hy wil leer, vertroos, versterk, vergewe en vernuwe. Die erediens het dus die vorm van 'n tweegesprek tussen God en die gemeente. 'n Tweegesprek wat reeds van die eerste mense af ontstaan het toe God met Adam en Eva gepraat het. '... die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: Waar is jy?' (Gen 3:8 en 9). Dwarsdeur die Ou en Nuwe Testament en die geskiedenis tot vandag roep God op dieselfde wyse in die erediens na elke mens. Die mens kan net soos Adam en Eva probeer wegkruip en nie antwoord nie, óf hy kan van sy voorreg in die erediens gebruik maak om te antwoord. Met sy antwoord kom die mens dan in 'n gespreksgeleentheid met God - God wat deur die Bybel en die woorde van die prediker met die gemeente praat en die gemeente wat dan daarop antwoord met gebed en belydenis. Die wyse waarop die gemeente hierdie gebed en belydenis sinvol, ordelik en eendragtig uitspreek, is met gemeentesang. Die gemeentesang is dus die draer, vertolker of uitlewing van die gebed en belydenis. So ook het Calvyn reeds tydens die Hervorming na gemeentesang verwys as die 'gesingde gebede' in teenstelling met die 'gesproke gebede'.

2. Hoe moet ons sing:

Die gemeentesang is nie 'n toevalligheid of 'n versiering nie. Dit is 'n uiters noodsaaklike deel van die erediens, want dit is die middel waardeur die gemeente sinvol, ordelik, verstaanbaar en geesdriftig deelneem aan die gesprek met God. Die gemeente moet dus behoorlik ingelig, voorberei en gereed wees om met God te praat. Net soos enigiemand homself goed sal voorberei om met 'n belangrike per-

soon te praat, moet ook die gemeente gereed wees om met die Grootste van almal te praat.

Dit gaan dus nie om mooi woordjies of mooi stemme of strelende liedjies nie, maar sang en musiek wat aan die antwoord en gesindheid van die gemeente uitdrukking gee.

Vir 'n erediens (gesprek) kom die gemeente op 'n gereelde tyd en plek bymekaar waar God hulle dan 'verwelkom' en 'nooi' om met Hom te praat. Dit gebeur met die woorde van die votum en seëngroet. Hierop antwoord die gemeente dan met sang en 'n gesindheid wat by die hele verloop van die erediens aanpas. Algaande word die erediens (gesprek) opgebou tussen die erkenning van God se majesteit en die gemeente se verering en lofprysing; God se regverdigheid en die gemeente se boetedoening; God se genade en die gemeente se belydenis; God se lering en die gemeente se erkentlikheid; God se lewenstoepassing en die gemeente se aanvaarding; God se versoening en die gemeente se dankbaarheid; God se opdrag en die gemeente se toewyding; God se seën en die gemeente se lewensvreugde; God se uitsending die wêreld in en die gemeente se aanvaarding en uitvoering van die opdrag. Die sinvolle opbou en strukturering van die erediens is die taak van die liturg/predikant wat, aan die een kant die kennis en aanvoeling vir sy gemeente se behoeftes en begeerts het en aan die ander kant God se Woord en genade in hule lewens kan toepas. Die erediens moet dus 'n behoorlik beplande en God-verantwoorde gesprek wees waarin God al die eer en verheerliking kry.

Almal wat die erediens so verstaan, wat so 'n gesindheid het en wat met so 'n doel saamkom, sal dan geesdriftig en met volle oorgawe en inlewing aan die gemeentesang en antwoordgeleenthede in die erediens deelneem. Dan sal die erediens ook lewe hê; dan sal dit 'n vreugdevolle ervaring wees en dan sal die gemeente krag en inspirasie kry.

3. Waarom moet ons sing:

Musiek en sang het 'n uitwerking op 'n mens se emosies. Met ander woorde, dit gee uitdrukking aan die ervaring van 'n mens se gevoelens. Daarom gebeur dit maklik dat die gevoel en genot van musiek die verstaan van waaroor dit gaan, kan oorheers. Die Bybel waarsku juis hierteen en bepaal dat ons gebalanseerd '... met die gees die lof van die Here (moet) sing, maar ook met die verstand'. (1 Kor 14). By gemeentesang moet dit dus nie in die eerste plek om die genieting van die sang gaan nie, maar om die begrip van waarom ons sing. Om die musiek en sang in die erediens te begryp, moet ons die doel en gebruik daarvan verder ontleed.

Die sang in die erediens is eerstens om God te loof en te vereer - lofprysing aan God die Skepper, Onderhouer en Bestierder van Sy gehele skepping en alle skepsels. In die lofprysing gaan dit alleen om God - God wat geprys moet word, wie se Naam vereer moet word, wie se heerlikheid, majesteit en almag besing en uitgedra moet word. Die hele Ou Testament verkondig hierdie vereiste wat God vir Sy diens eis en veral die boek van die Psalms gee in besonder uitdrukking hieraan. Ook Jesus Chrsitus sluit in die Nuwe Testamentiese tyd (waarin ons nou leef) aan by hierdie lofprysing waar Hy ons juis in sy Gebed leer:

'Ons Vander wat in die hemel is,
laat U naam geheilig word;
laat U koninkryk kom;
laat U wil ook op die aarde geskied,
net soos in die hemel.' (Matt 6:9-10)

Die lied wat die gemeente vir hierdie doel aanhef, moet gekenmerk word deur die heerlikheid, majesteit, glorie en grootsheid wat God toekom. Die beste, die grootste en heerlikste waartoe ons in staat is, moet aangewend word. By hierdie sang is daar veral nie plek vir subjektiewe gevoelsliedere, vir melodieë van meesleurende en strelende aard nie. Hier geld net die lofpsalms, die ander lofsange van die Bybel en die lofliedere wat deur die eeue heen ontstaan het en wat deur die Kerk aanvaar is omdat hulle op God alleen toegespits is.

Die tweede doel van gemeentesang is om God te smeek om genade. Die gelowige is bewus daarvan dat hy selfs met die beste waartoe hy in staat is, nie die nodige eer en verheerliking aan God kan gee nie. Met smeekbedes sing die gelowige dan van hierdie onvermoë en tekortkominge. Ook na die aanhoor van die volmaakte Wet van God bely hy sy skuld en smeek hy om genade. Elke gelowige sing individueel, maar tog gesamentlik om verlossing en uitredding. Die subjektiewe en die eie nood en behoeftes word uitgespreek met die smeekbedes. Die bidder (sanger) smeek persoonlik om vergifnis en plaas sy hele bestaan en vertroue in die hande van sy Verlosser. Elkeen wat so sy sonde en oortredinge bely, het dan ook die versekering dat hy van al sy sonde en oortredinge vrygespreek is. Die genadeverkondiging bevestig dat God die smeekbede aanneem en die gemeente het die voorreg om die geloofsbelydenis as volle verklaring van alles waaraan hy glo, uit te spreek.

Met hierdie genadeverkondiging en deur die geloofsbelydenis erken die gelowige die volle uitwerking van God se genade deur Jesus Christus en daarom volg na die smeekbedes die dankbetuigende deel van die erediens. Danksegging is

dus die derde doel van gemeente sang. Met die dankliedere verkondig die gemeente sy dankbaarheid, gee hy getuienis aan die hele wêreld van sy verlossing en bely hy sy geloof in gehoorsaamheid aan die opdrag: '...gaan dan na al die nasies toe ... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het'; (Matt 28:19).

Met lofprysing gee die gemeente dus alle eer en verheerliking aan God, met smeekbedes bely die gemeente sy skuld en onvermoë en met danksegging bevestig en dra die gemeente sy geloof met vreugde en oorgawe uit.

4. Die belangrikheid van die woordinhoud

Omdat die gemeente, wanneer hy sing, met God in gesprek is, is die duidelikheid en betekenis van die woorde uiters belangrik. Die woorde van die lied moet presies aanpas en 'n geskikte antwoord wees op wat vooraf gaan. Dit moet ook die presiese Bybelse getuienis en waarheid uitdra. Dit gaan in die gemeentesang en musiek dus nie om die menslike gevoel en bevrediging nie, maar om die antwoord van die gemeente en sy deelname aan die verskillende elemente van die erediens. Die gemeente, maar ook elke toehoorder, moet kan hoor en verstaan presies waaroor die gesprek gaan. Daarom moet die Kerk seker maak dat die liedere wat in die erediens gebruik word aan hierdie vereistes beantwoord. Die Kerk sorg met groot toewyding dat die liedere wat in die hande van die gemeente geplaas word, bruikbaar is vir alle moontlike antwoordgeleenthede en presiese weergawes van die Bybelse waarhede is. So ook moet die musiek en melodieë wat vir die liedere gebruik word nie die betekenis en verstaanbaarheid van die woorde versteur en versluier nie. Die musiek en melodie moet juis uitdrukking gee, die woorde juis duideliker onderstreep en makliker laat ingang vind in die verstand en hart van die gemeente. Dit is juis hierdie vermoë wat musiek het wat die woordinhoud soveel kragtiger inslag laat vind.

5. Sinvolle Begeleiding

In noue samewerking met die liturg/predikant moet die orrelis die musiek en melodieë wat vir die erediens gebruik gaan word, so kies dat die gemeente 'n presiese aanvoeling het vir en uitdrukking kan gee aan die woordinhoud van die liedere. Die orrelis het dus die taak om net musiek te gebruik wat sal aanpas by die verloop van die erediens. Vir eie en willekeurige keuses is daar in die erediens nie plek nie. Net musiek en melodieë wat deur die Kerk bepaal is vir gebruik (met ander woorde, die goedgekeurde psalms en gesange) en wat in karakter en styl hierby aanpas, het plek in die erediens.

Alle musiek en die begeleiding van die gemeentesang moet in ooreenstemming wees met die aard, atmosfeer en bedoeling van elke erediens. Sinvolle begeleiding beteken dus om elke keer presies te bepaal en te beplan wat die bedoeling en die aard daarvan moet wees.

Alle musiek en die begeleiding van die gemeentesang moet in ooreenstemming wees met die aard, atmosfeer en bedoeling van elke erediens. Sinvolle begeleiding beteken dus om elke keer presies te bepaal en te beplan wat die bedoeling en die aard daarvan moet wees.

As voorspel, voor die erediens begin, kies die orrelis musiek wat die gemeente moet voorberei. Die orrelis moet dus vooraf by die liturg uitvind wat die verloop en aard van die erediens gaan wees en beslis ook watter psalms en gesange opgegee gaan word. Waar 'n vooraf-gesprek nie moontlik is nie, moet die verloop en aard van die erediens afgelei word van die opgegewe psalms en gesange. Die voorsang of eerste psalm sal byvoorbeeld reeds die aard bepaal en die orrelis sal sy voorspel tot die diens hierby laat aanpas. Dit kan ooreenstemmende musiek uit die orrelliteratuur wees, en of improvisasies en verwerkings dien ook om die melodie goed in die geheue van die gemeente in te prent. Veral nuwe en onbekende melodiëe word so baie makliker en vinniger aangeleer as die gemeente dit vooraf goed gehoor het.

Die inleiding vir die betrokke psalm of gesang moet die presiese tyd en karakter weer eens aangee en die gemeente sing dan gestimuleerd saam. Indien geen verdere lesings, spreuke of psalms en gesange in dieselfde aard en karakter van die eerse lied aangegee word nie, speel die orrelis 'n gepaste kort of uitgebreide naspel om hierdie deel van die erediens af te sluit.

By die volgende deel van die erediens, byvoorbeeld vir verootmoediging en boetedoening, moet die orrelis sy inleiding en begeleiding vir hierdie psalms en gesange, hierby aanpas. Net so ook na die genadeverkondiging en geloofsbelydenis moet die inleiding en begeleiding vir liedere wat hierby pas, die gemeente tot dankbaarheid en opheffing aanspoor. Ook om hierdie deel van die erediens sinvol af te sluit, moet die kort of uitgebreide naspel dieselfde aard en karakter hê.

Na die prediking en dankgebed is danksegging die bepalende aard en karakter van die erediens en moet die inleiding en begeleiding dit bevestig en uitbou.

Sinvolle en deurdagte musiek en begeleiding ondersteun en help die gemeente om met hart en verstand deel te neem aan die heerlike 'gesprek' met God - tot Sy eer!

6. Die rol van musiekinstrumente:

Deur die eeue heen het die pyporrel homself bewys as die mees bruikbare instrument vir gemeentesang. Die pyporrel met sy besonderse klank en sterkte het die vermoë om 'n groep mense saam te bind, ongelykhede van stemme en stemgebreke te neutraliseer, uitstaande en steurende kwaliteite uit te skakel en sentimentele gevoelsuitinge te verberg. Dit gaan in die erediens eerstens om die eer van God te besing. Hierdie samebinding en opheffing vind net plaas wanneer individuele kwaliteite ondergeskik is aan die geheel. Natuurlik is die individu vir God belangrik, daarom is God se versoening vir elkeen persoonlik beskikbaar. In die erediens egter word hierdie afsonderlike individue saamgebind om aan God alleen die eer te gee. Die regte en sinvolle gebruik van die pyporrel skep die gesindheid, atmosfeer en gewaarwording om hieraan uitvoering te gee.

Dit beteken nie dat ander musiekinstrumente nie ook bruikbaar kan wees nie. Die Bybel is daarvan vol dat verskillende instrumente gebruik is. Maar die eis moet altyd die eer van God wees en nie omdat dit 'n mens se gevoel streel of omdat 'n mens as kunstenaar sal wil optree nie. 'Laat alles wat asemhaal die Here prys!' (Ps. 150.6)

Trompette, fluite, tromme, en slaginstrumente kan doeltreffend gebruik word om die gemeente feesvierend, juigend en vreugdevol voor te gaan en te begelei om God te verheerlik. Eweneens kan instrumente van kleiner omvang en subtieler klanke 'n atmosfeer van inkering en verootmoediging skep.

Die norm moet egter altyd wees om die gemeente voor te berei, te stig en behoorlik te begelei. Dit gaan nie om die kunstenaar en sy vertolking nie. Dit gaan nie om sy vermoë en talente nie. Maar dit moet spontaan inpas in die erediens, sinvol aanpas by die liturgie, uitdrukking gee aan die verloop en presiese ondersteuning gee aan die gemeente se deelname. Eiesinnige willekeur, musiek wat nie verstaanbaar is nie en nie in die kerkmusiek-karakter pas nie, het geen plek in die erediens nie.

7. Verhouding tussen orrelis, predikant, kerkraad, gemeente:

Die erediens is 'n gesprek tussen God en Sy gemeente - 'n liturg, predikant, voorleser wat met voorlesing en prediking God se Woord en Wil aan die gemeente bekend maak en die gemeente wat met gebede (en sang) en belydenis daarop antwoord. Behoorlike beplanning is dus 'n voorvereiste vir 'n sinvolle en verantwoorde erediens.

Die predikant as liturg of voorganger moet toesien dat almal wat in die erediens optree en deelneem, dit dus of in die Naam van God of as gemeente doen.

Die orrelis, voorleser, of elke ander voorganger is eintlik maar 'n verlengstuk van die predikant - die predikant is die enigste geordende ampsdraer wat namens God en die gemeente in die erediens kan optree. Alle ander tree op volgens sy beplanning en onder sy leiding sodat die erediens volgens die bepalings van die Kerk sal kan plaasvind. Die predikant moet dus die aard en verloop van die erediens behoorlik met die orrelis, voorleser en voorganger, bespreek en beplan. Hy sal hom ook laat adviseer deur die orrelis, voorleser en voorganger sodat verseker kan word dat die beste waartoe die gemeente in staat is, tot die eer van God aangewend kan word.

Die orrelis sal met sy insig en opleiding ook seker maak dat die gemeente met die regte gesindhied sal verstaan, aanvoel en deelneem.

Die kerkraad as die toesighoudende liggaam moet seker maak dat 'n orrelis aangestel word wat met die regte bekwaamheid en gesindheid die gemeente kan voorgaan. Die kerkraad sal ook toesien dat die orrelis en die gemeente hulle gereeld op 'n geskikte plek, manier en tyd vir die erediens kan voorberei. Die kerkraad sal ook toesien dat die inrigting van die erediens behoorlik beplan en uitgevoer kan word en dat die gemeente ook behoorlik ingelig en voorgelig word.

Die skakeling tussen die Kerkraad en die orrelis kan baie sinvol realiseer deur middel van 'n eredienswerkgroep waarop die orrelis sitting het.

As die gemeente dan met die regte gesindheid en verstaan van 'n erediens bymekaar kom, sal hy hom beskibkaar stel om sinvol en geesdriftig deel te neem en middele voorsien om die erediens in stand te hou.

8. Sinvolle en gemotiveerde sangoefening:

'n Ingeligte gemeente is 'n geesdriftige gemeente. Besondere aandag moet gegee word aan die regte verstaan van die erediens en wat die gemeente se aandeel daaraan is. Die beste geleentheid hiervoor is met sangoefening voor die aanvang van die erediens. Die ongemotiveerde sing van sommer enige psalm of gesang bereik niks nie - tewens, dit verveel elke normale gemeentelid. Die sangoefeninge moet eerstens gaan om elke psalm en gesang wat in die erediens opgegee gaan word behoorlik te leer sing, behoorlik te verstaan, presies te weet vir watter doel dit in die erediens gebruik gaan word en met watter gesindheid dit gesing moet word. Indien die hele verloop van die erediens aan die gemeente verduidelik word en die gemeente ook vooraf weet watter psalms en gesange as antwoord op watter deel van die diens opgegee is, kan die gemeente ook spontaan sonder aankondigings antwoord. Dit behoort nie altyd nodig te wees om elke psalm of gesang op te gee en

ook nog deur te lees nie. Die spontane reaksie van die gemeente op die votum en seëngroet, op die Wet, op belydenis, op die skriflesing en ook as deel van die gebed, het baie groter trefkrag en getuig van 'n veel meer betekenisvolle meelewing met die verloop as reaksies wat altyd aangekondig en voorgelees moet word. Die eis is egter dat die gemeente vooraf behoorlik ingelig moet wees en of aanwysingsplakkate beskikbaar moet wees wat die verloop aandui. Dit beteken nie dat die gemeente op 'n skoolagtige wyse voorgesê moet word nie of dat die erediens 'n ingestudeerde konsert-optrede moet wees nie, maar die gemeente moet sinvol en geesdriftig voorgegaan word in die regte verstaan en deelname aan die erediens. Op hierdie wyse sal die gemeente se verstaan en liefde vir die kerklied geprikkel word. Byna niemand sing meer by die huis enige psalm of gesang nie en nêrens meer hoor die gemiddelde lidmaat enige kerkmusiek nie. Dit is dus geen wonder dat ons lidmate nie meer begrip en liefde vir die psalms en gesange en kerkmusiek het nie. Ons is dus verplig om doelgerig die kerklied en -musiek weer deeglik deur die gemeentes te laat hoor en verstaan.

Daarom moet die orrelis die leiding neem om ingelig en sinvol die gemeente voor te gaan in sangoefening. Subtiel kan interessante gegewens en besonderhede oor die kerklied en -musiek aan die gemeente oorgedra word, terwyl die regte optrede en deelname van die gemeente aan die erediens deurgegee word. Indien die orrelis self nie hiervoor kans sien nie, moet iemand in die gemeente ingelig en opgelei word om dit te doen. Dit is egter noodsaaklik dat kerkmusiek en gemeentesang in die besonder weer daadwerklik deel van elke lidmaat se godsdiensbeoefening moet word. Eers dan sal ons kerkgang, ons deelname aan die erediensbeoefening tot eer van God alleen wees!

Kontrolevrae

1. Wat is die doel van die gespreksgeleentheid in die erediens?
2. Met watter gesindheid moet die gemeente deelneem aan die sang in die erediens?
3. Aan watter drie vereistes moet die gemeentesang beantwoord?
4. Waarom is daar geleentheid vir smeekbedes in die erediens?
5. Hoekom is die woorde van die liedere belangrik?
6. Hoe moet die melodieë en musiek aanpas by die erediens en die elemente van die erediens?
7. Onder watter voorwaardes kan ander musiekinstrumente as die orrel in die erediens gebruik word?
8. Waarom moet die orrelis in noue samewerking met die predikant/liturg die musiek vir die erediens beplan?
9. Hoe moet die gemeente voorberei word vir die erediens?
10. Moet daar plek vir sangoefening wees voor 'n erediens?

Literatuurverwysings

Prof Dr AC Barnard. Die Erediens. 1981.

A Brunner. Wesen Funktion und ort der Musik in Gottesdienst 1960.

Die Kerk, sy Lied en Musiek: 'n Handleiding vir Orreliste. 1982.

Dr JHH du Toit ea. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerklied. 1983.

JA Loader ea. 'n Nuwe lied vir die Here. 1979.

PJ Loots. Ons kerklied deur die Eeue. 1948.

F Mehrtens. Kerk en Muziek. 1961.

CP van Anderl. Tussen De Regels. 1968.

DG van der Leeuw ea. Beknopte Geschiedenis van het Kerklied. 1948.

GE Zevenbergen. Kleine Geschiedenis van het Kerklied.

AFDELING 7

DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK SE STANDPUNT OOR LITURGIESE DIENSTE, KORE, SOLOSANG, POPMUSIEK

1. Liturgiese Dienste

Dit gebeur soms dat predikante (en ander lidmate) van die Kerk by geleentheid uitsprake maak oor 'n bepaalde saak (bv in 'n artikel in 'Die Hervormer'). Sulke uitsprake verteenwoordig nie altyd die amptelike standpunt van die Kerk nie. Dit is slegs die Algemene Kerkvergadering wat kan besluit wat die Kerk se 'amptelike' standpunt oor 'n bepaalde saak is. Sulke besluite vind dan ook dikwels neerslag in die Kerkwet. Die kerk het nog nie 'n amptelike standpunt oor liturgiese dienste ingeneem nie.

Die 'Diensboek' van die kerk maak voorsiening vir elf diensordes. In al die gevalle vorm prediking 'n integrale deel van die erediens. Die sogenaamde 'liturgiese diens' wyk van die bestaande ordes af in die sin dat daar nie noodwendig woordverkondiging plaasvind nie of dat woordverkondiging uit meer as een Skrifdeel afgewissel word met gemeentesang. Sulke dienste bestaan gewoonlik net uit Skriflesings wat afgewissel word deur gemeentesang. Die Skriflesings hou verband met 'n bepaalde kerklik-godsdienstige gebeurtenis (bv kersfees) of 'n tema (bv God se liefde). Die bedoeling van so 'n diens is dus om met Woord en lied 'n bepaalde aspek te aksentueer.

Omdat die kerk nog nie 'n 'amptelike' standpunt ten opsigte van liturgiese dienste ingeneem het nie moet 'n mens die saak beoordeel aan die hand van die kerk se siening van die erediens in die algemeen. Die feit dat die 'Diensboek' ook nie voorsiening maak vir 'n orde vir die liturgiese diens nie laat mens die afleiding maak dat so 'n diens nog nie beskou word as 'n erediens nie. Dit sal dus hoogstens by besondere geleenthede mag plaasvind en nie as reëlmatige vervanging van die gewone Sondagse eredienste nie. Daar is wel in die liturgiese diens sprake van 'n Woord-antwoord karakter. (Wat 'n kernkenmerk van die erediens is). In dié sin pas dit dus wel in by die kerk se siening van 'n erediens.

2. Kore

Die kerk se standpunt oor kore is dat daar nie binne die erediens plek vir 'n koor is nie. Hierdie standpunt het Reformatoriese wortels. Die kerklied het deur die eeue

al kunstiger geword en in die middeleeue is dit uitsluitlik in Latyn deur geoefende sangers uitgevoer. So het die gemeente byna nooit meer in die erediens gesing nie. Hierdie voorreg is deur 'n koor oorgeneem. Die Hervormers was van oortuiging dat die enigste manier waarop lidmate weer aktief betrokke kon raak by die eredienste as ontmoeting met God, juis gemeentesang in die volkstaal was. Calvyn het gesê dat musiek en sang in diens van die opbou van die gemeente moes staan. Hy het wel kore toegelaat maar dan net om leiding by gemeentesang te neem. Ook Luther het kore behou maar dan juis as 'hulpmiddel' om die gemeente aan te spoor om beter saam te sing.

In elke gemeente is daar mense wat aanleg vir sang het. Hierdie kern van 'sangers' kan in 'n koor saamgevoeg word en die gemeente leer hoe om te sing. So 'n kerkkoor (kernkoor) kan 'n belangrike steun vorm vir die sang van die gemeente. 'n Meerstemmige koor wat die erediens wil opluister, of die sangtalent van mense wil ten toonstel, het egter geen plek in die samekoms van die gemeente nie. Indien 'n meerstemmige koor in 'n gemeente opgerig word, kan dit optree by besondere geleenthede in die lewe van die gemeente.

3. Solosang

Daar is reeds aangetoon dat die kerk gemeentesang as die geskikste antwoord beskou op God se Woord. Hierbo is ook aangetoon waarom die kerk nie koorsang wil toelaat binne die erediens nie. Vir presies dieselfde redes is solosang binne die erediens onaanvaarbaar. Die aandrang op solosang kom veral by huweliksdienste ter sprake. Die kerk beskou die huweliksdiens as 'n erediens. (vgl ordes L + M in die 'Diensboek'). Indien daar dan solosang moet wees moet dit voor die votum of na die slotseënspreuk geskied.

4. Popmusiek

Die kerk maak in die erediens net gebruik van psalms en gesange uit die erkende Psalm- en Gesangeboek (sien Art XII.4 van die Wet). Wat voor- en naspele aanbetref word orreliste voortdurend versoek om by protestantse kerkmusiek te bly (sien afdelings 5 + 6). Dit wat voor, in en na die erediens gespeel en gesing word, word bepaal deur die Woordinhoud. Alle pogings om die erediens vir mense 'aantreklik' te maak deur gebruik te maak van moderne sogenaamde popmusiek word ten sterkste afgewys.

5. Emosionele Eredienste

Hier val die klem op wat die mens ervaar. Dit gaan grootliks om die gevoel, die ervaring, die belewing. Groot klem word gelê op beweging en aksie. Die emosies word veral opgewek met meeslepende, polsende en ritmiese musiek en/of flikkerende ligte. Dit is veral jonger mense wat aandring op hierdie soort 'happenings'. So word kerkgang en kerksang 'n plesier, word gesê. Daar word van vreugde gedans en hande geklap! Die protestantse opvatting van godsdiensbeoefening laat nie ruimte vir emosionele wegvoering nie maar stel God in die middelpunt en nie die mens en sy gevoel nie. Met emosionele eredienste staan die Woord nie meer sentraal nie maar die mens en/of musiek. Die norm is dan die smaak van die mens en nie die eer van God nie. Hierdie soort godsdienstige byeenkomste word deur die kerk afgewys.

6. Ander musiekinstrumente in die erediens

Daar word van 'n musiekinstrument in die erediens gebruik gemaak om die gemeente se antwoord op God se Woord te begelei. Die hoofsaak is dus nie die instrument of die musiek of die musikus nie. Die instrument moet dienaar wees ter wille van 'n mooier en duideliker antwoord.

- Die betrokke musiekinstrument mag dus nie die sang van die gemeente oorheers nie en mag aan die anderkant ook nie die oor van die gemeente so steel dat hulle nie meer sing nie maar luister! Die musiekinstrument moet sinvol lei en ondersteun. In dié sin kan ons dan praat van die doelmatigheid van 'n musiekinstrument in die erediens. Deur die eeue heen is die pyporrel beskou as die doelmatigste musiekinstrument in die erediens omdat dit enersyds in sigself 'n volledige orkes is en andersyds vanwee sy besondere karakter met die gemeente kan saam 'sing' ('n orrel het mos 'n stem!). Daar bestaan geen enkele ander musiekinstrument wat so doelmatig is vir die begeleiding van gemeentesang as die orrel nie. As ons ander musiekinstrumente vir begeleiding sou gebruik (bv trompet of kitaar) moet ons hulle bruikbaarheid aan hierdie maatstaf meet. Die kerk is daarvan oortuig dat die orrel die geskikste instrument is en besonderlik pas by die karakter van die protestantse erediens.

Kontrolevrae

1. Wat is 'n liturgiese diens?
2. Wat is die kerk se standpunt ten opsigte van liturgiese dienste?
3. Wat is die kerk se standpunt ten opsigte van kore in die erediens?
4. Waarom het die kerk hierdie standpunt?
5. Hoe kan die lidmaat wat van koorsang hou ge-akkomodeer word?
6. Wat is die kerk se standpunt ten opsigte van solosang?
7. Wat is die kerk se stanspunt ten opsigte van popmusiek?
8. Hoekom wys die kerk ervaringseredienste af?
9. Wat is die doel van 'n musiekinstrument in die erediens?
10. Wat is die maatstaf vir 'n musiekinstrument in die erediens?

Die volgende bronne kan vir verdere inligting geraadpleeg word.

Literatuurverwysings

Die Kerk, sy Lied en sy Musiek: 'n Handleiding vir Orreliste; HAUM. 1982.

A Brunner. Wesen Funktion und ort der Musik in Gottesdienst 1960.

Dr JHH du Toit ea. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Kerklied. 1983.

JA Loader ea. 'n Nuwe lied vir die Here. 1979.

PJ Loots. Ons kerklied deur die Eeue. 1948.

F Mehrtens. Kerk en Muziek. 1961.

CP van Anderl. Tussen De Regels. 1968.

DG van der Leeuw ea. Beknopte Geschiedenis van het Kerklied. 1948.

GE Zevenbergen. Kleine Geschiedenis van het Kerklied.

'N HANDLEIDING VIR DIE KERKLIED

ISBN 0 7986 2834 0